# COMMUNIKÉ

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE


Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
1920–1990
Universiteit van Pretoria

**1990**



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# OP DIE DRUMPEL VAN 'N DINAMIESE TOEKOMS



Die hoofingang van die nuwe gebou van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Oor die afgelope 70 jaar het hierdie Fakulteit die deur na sukses vir duisende studente geopen. 'n Indrukwekkende lys van oud-studente wat die hoogste sport bereik het, getuig van 'n tradisie van uitnemendheid.

Studente word steeds voorberei vir 'n dinamiese toekoms deur bekwame personeel wat hul onderrig en navorsingstaak met toewyding uitvoer.

**Skakel prof JJ Stadler, dekaan, vir meer besonderhede aangaande studierigtings by tel: (012) 420-2425**

Die Fakulteit is die drumpel na sukses.

*Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*
1920–1990
Universiteit van Pretoria

Fearika Heyns Grafies

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# COMMUNIKÉ

JAARGANG 3 OKTOBER 1990 ISSN 1013-168X

SKAKELBLAD

***Communiké*** word saamgestel deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002. Hierdie skakelblad van die Fakulteit verskyn een keer per jaar.

REDAKSIE

Prof Koos Stadler (Dekaan), mev Adri van der Merwe (Redakteur), mnr Neels van Heerden (Bedryfsekonomie), prof Thinus de Wet (Bestuurswese), mev Sansia Brink (Ekonomie), mev Melanie Greef (Handels- en Arbeidsreg), dr Hein Brand (Personeelbestuur), dr Petrus Brynard (Publieke Administrasie), mnr Bill Collins (Informatika), mej Linda Joubert (Rekening- en Ouditkunde), mnr André Swanepoel (Statistiek), mev Sylvia Boshoff (Sekretaresse).

Die volgende persone van die Buro vir Openbare Betrekkinge word bedank vir hulle hulp: mej Petrea Thomas (Taalversorging), mnr Jan Victor (Fotografie), mej Alba Langley (Fotografie).

NAVRAE

Rig navrae aan die redakteur:
Mev Adri van der Merwe
Skakelbeampte: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
0002

Telefoonnommer : (012) 420-3328

Faksnommer : (012) 342-2431

UITNODIGING

Dit staan alle mediaredakteurs en ander persone vry om by wyse van aanhaling en/of herdruk redaksionele inhoud van ***Communiké*** te gebruik, solank gebruiklike erkenning aan ***Communiké*** gegee word.

ONTWERP

Ink Studios, Pretoria.

GEDRUK DEUR

Craft Press, Babelegi.

Universiteit van Pretoria

## INHOUD

**Oorsig**
Vanuit die dekaanskantoor 2
Hoogtepunte in die ontwikkeling van die Fakulteit 3

**Aktueel**
Wet op mediese skemas ontoereikend 4
Die toekoms - genasionaliseer of nie? 5
Arbeidswetgewing word hersien 5

**Fakulteitsnuus**
Wêreldkenners in gesprek 6
Ere-doktorsgraad aan Marius de Waal 6
Die impak van vernuwing 7
Kontak met toekomstige rekenmeesters 8

**Onderrig**
Tekort aan bestuurslui in toerismebedryf aangespreek 10
Nuwe struktuur van Informatika-kursusse 11
'n Puik slaagsyfer in KE 11
Geleentheid vir studente-inspraak 12

**Internasionaal**
Skerp kontras tussen Hong Kong en Singapoer 13
Frankryk wil kontak bewerkstellig 14
Stanford, Londen, Chicago 14
Oorsese besoekers by Nagraadse Bestuurskool 15

**Gemeenskapsdiens**
Die onontbeerlike bestuursvaardigheid 16
Bestuursopleiding aan openbare sektor 17
Oorbruggingsprobleme aangespreek 17
Rekenaargeletterdheid begin op skool 18
Mans en huishoudelike begrotings 18

**Oud-Studente**
Alumni verenig 19
Dosente uitgeboul 20
Stadsklerk van Soweto 20
Adresse, asseblief 20

**Navorsing**
Die finansiering van onderwys 21
'n Tekort aan rekenaarkundiges 22
Ontleding van effektetrusts 22

**Studente**
Sterstudente 23
Topstudente word beloon 24
Statistici neem voortou 24
'n Van der Merwe vir Cambridge 24


**Personeel**
Rapportryers eer skrywers 25
Buitengewone professore 25
Senior aanstellings 26
Besondere toekennings 27

**Sport**
Hardlopende ekonoom 28
Kobus laat SA-rekords spat

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

OORSIG

# Vanuit die Dekaanskantoor



*Die dekaan, prof Koos Stadler, in sy nuwe "tuiste"*

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vier vanjaar sy sewentigste bestaansjaar. Van 'n nederige begin met 32 studente in 1918 het hierdie Fakulteit gegroei tot 'n sentrum van uitnemendheid waar tans meer as 5 000 studente, waarvan 1 200 nagraads, studeer.

Getallegewys sou hierdie Fakulteit vandag reeds veel groter gewees het as dit nie was nie dat die getalle doelbewus deur strenger keuring beperk is. Die buitengewoon snelle groei in voorgraadse getalle van die vroeë tagtigerjare het dus oor die afgelope drie jaar effens afgeplat. In gehalte is egter besondere groei getoon.

Die Fakulteit het oor die jare 'n groot bydrae gelewer tot die voorsiening van opgeleide hoëvlakmannekrag in die land. Tans word sowat 1 000 graduandi per jaar gelewer. Baie van die topposte in die sakewêreld en die openbare sektor word dan ook vandag deur oud-studente van hierdie Fakulteit beklee.

Afgesien van geleenthede aan voltydse studente, het die buitemuurse afdeling van die Fakulteit oor die jare studiegeleenthede aan groot getalle werkende persone gebied. Die ondervinding wat die Fakulteit oor die jare in sy buitemuurse afdeling in Pretoria opgedoen het, word tans met goeie resultate in Witbank toegepas.

Hoewel die Fakulteit met reg trots kan wees op sy verlede, het die Fakulteit in sy sewentigste bestaansjaar eerder vorentoe gekyk na die rol wat hy kan speel in die toekoms. Die Fakulteit het die afgelope paar jaar die grondslag gelê om die uitdagings van die toekoms die hoof te bied. Wat fisiese fasiliteite betref, het die verskuiwing van die buitemuurse afdeling na die hoofkampus die geleentheid geskep om 'n nuwe gebou vir die Fakulteit op te rig.



*'n Gedeelte van die Fakulteit se nuwe gebou*

In hierdie gebou, wat in die loop van 1990 betrek is, is onder meer voorsiening gemaak vir die mees moderne onderrighulpmiddele en rekenaartoerusting. Besondere aandag is ook gegee aan die behoeftes van nagraadse onderrig wat reeds oor die afgelope jare sterk toegeneem het en na verwagting nog sterker groei gaan toon.

Wat leergange en leerplanne betref is oor die afgelope paar jaar ingrypende aanpassings gemaak om aan die snelveranderende eise te voldoen. Nuwe kursusse is ingestel soos Informatika, Bankwese, Versekeringswese/Aktuariële Wetenskap, Finansiële bestuur, Logistieke bestuur en Hotel- en Toerismebestuur.

Nuwe graadpakkette is ook in noue samewerking met belangegroepe uit die sakegemeenskap saamgestel. In hierdie verband kan verwys word na BCom(Bankwese), BCom (Versekeringswese) en BCom(Informatika). Verskeie nagraadse studierigtingspakkette is ingestel, soos MCom(Belasting), MCom(Rekenaarouditering), MCom(Owerheidsfinansies en ouditering) en MCom(Bestuursrekeningkunde).

Om die sewentigjarige bestaan van die Fakulteit te herdenk is 'n besondere program vanjaar aangebied. Die program het in Maart 'n aanvang geneem met 'n internasionale konferensie wat deur die Departement Ekonomie aangebied is oor die baie aktuele onderwerp *The interaction between a changing socio-political environment and Economic Development.*

Later in die jaar is 'n simposium oor *Die impak van vernuwing op Openbare Bestuur* deur die Departement Publieke Administrasie aangebied. Elke departement het ook in die loop van die jaar 'n gedenklesing aangebied. Vooraanstaande kundiges is genooi om as sprekers op te tree.

In Oktober is die jaarlikse konferensie van die SA Instituut vir Bestuurswetenskaplikes op die Tukkiekampus aangebied, terwyl die tweejaarlikse konferensie van navorsers in Ekonomie en Bestuurswetenskappe, wat deur die Nasionale Produktiwiteitsinstituut gereël word, ook vanjaar by UP aangebied word.

Ons herdenk wel vanjaar ons sewentigjarige bestaan, maar in hierdie uitgawe van ***Communiké*** val die klem egter hoofsaaklik op die toekomsgerigtheid van die Fakulteit; daar word slegs vlugtig na die verlede gekyk.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Hoogtepunte in die ontwikkeling van die Fakulteit

**1912** Instelling van 'n Leerstoel in "Philosophy and Political Economy" met prof W A Macfadyen as bekleër.

**1918** Instelling van lesings in Rekeningkunde, met H P Webber as deeltydse dosent. Die studentetal is 32.

**1919** Totstandkoming van die buitemuurse afdeling en instelling van 'n BCom graadkursus.

**1920** Instelling van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie (Handelsfakulteit) met dr J E Holloway as eerste dekaan. Instelling van 'n BEcon-graad.

**1921** Instelling van die Departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis met dr J E Holloway as hoof.

**1922** Aanstelling van E H Brookes as die eerste lektor in Publieke Administrasie en Staatsleer.

**1923** Verandering van BEcon-graad na BEcon(Publieke Administrasie) en instelling van 'n DPhil met MCom en MEcon as voorvereistes.

**1924** Aanstelling van S R Barnes as eerste professor in Rekeningkunde.

**1927** Instelling van 'n afsonderlike Departement Handel en Bedryfsekonomie met A J Norval as professor.

**1932** Vervanging van die BEcon-graad met 'n BAdmin-graad.


**1936** Verdeling van die Departement Ekonomie in twee departemente, te wete Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis met dr S P du T Viljoen as hoof en prof E H D Arndt as hoof van Bankwese.

**1939** Instelling van 'n selfstandige Departement Statistiek en Handelswiskunde (Sedert 1958 Statistiek) met prof B de Loor as hoof.


**1949** Stigting van 'n Instituut vir Bestuur en Administrasie (voorloper van die Nagraadse Bestuurskool) en instelling van 'n MCom(B&A) - in 1955 verander na MBA.

**1952** Instelling van die graad BCom(Rekeningwetenskappe).

**1958** Instelling van die BCom(Honores)-graad.



*'n Blik op die verlede. Die ou Buitemuurse-gebou in Vermeulenstraat waar na-uurse lesings tot in 1960 aangebied is*



*'n Sonderlinge geleentheid - voormalige hoofde van die Departement Ekonomie byeen. Van links is proff Jan Lombard, Gerhard de Kock, Daantjie Franzsen, Ernst Arndt, Jack Holloway en Stephan du T Viljoen*

**1959** Aanbieding van BCom-graadkursus ook by binnemuurs. Sekere kursusse wat vroeër slegs buitemuurs aangebied is, is nou binnemuurs gedupliseer.

**1965** Verdeling van die Departement Staatsleer en Publieke Administrasie in twee selfstandige departemente. Stigting van die Buro vir Finansiële Analise.

**1967** Verandering van die naam van die Fakulteit na Ekonomiese en Staatswetenskappe.

**1969** Instelling van 'n Leerstoel in Bemarking in die Departement Bedryfsekonomie.

**1970** Verdeling van BCom-graad in spesialiteitsrigtings: Ekonomiese Wetenskappe, Bemarking, Rekeningwetenskappe en Ekonometrie.

**1972** Stigting van die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise. Konsolidasie van die Departemente Ekonomie en Geld- en Bankwese. Instelling van die Departement Bestuurswese.

**1983** Instelling van die rigting BCom(Handelsrekenaarwetenskap).

**1985** Instelling van Departement Personeelbestuur.

**1986** Verskuiwing van buitemuurs (na-uurse lesings) na die hoofkampus. Instelling van Departement Handelsrekenaarwetenskap (in 1988 verander na Informatika).

**1987** Instelling van die Skool vir Rekenmeestersopleiding.

**1988** Wysiging van die naam van die Fakulteit na Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Instelling van Versekeringswese as vak en die studierigting BCom (Versekeringswese).

**1989** Aanvang van na-uurse onderrig by Witbank. Herinstelling van Bankwese as vak en die studierigting BCom(Bankwese). Die studentetal van die Fakulteit oorskry die 5 000 merk.

**1990** Voltooiing en ingebruikneming van die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-gebou .

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Die toereikendheid van die finansiële verslagdoening van Mediese Skemas, geregistreer in terme van die Wet op Mediese Skemas, (Wet no 72 van 1967), is onlangs deur personeel van die Skool vir Rekenmeestersopleiding ondersoek.

# Wet op mediese skemas ontoereikend

Die doel van die ondersoek was om te bepaal of die breë doel wat by die opstel van finansiële state in ag geneem moet word, synde die beskikbaarstelling van nuttige inligting, wel bereik is.

Finansiële state moet finansiële inligting aan alle belanghebbende partye kommunikeer. Daarom moet die inligting in so 'n vorm gegiet word dat relevante inligting sinvol, verstaanbaar en bruikbaar gekommunikeer word, sodat die leser daarop kan reageer en dit vir besluitneming kan gebruik.

Uit die ondersoek na die toereikendheid van finansiële state van mediese skemas het dit duidelik geblyk dat daar in menige gevalle òf inligting ontbreek òf gebrekkige inligting verskaf word. Dit was ook duidelik dat daar geen eenvormigheid of duidelikheid bestaan oor hoe of wat in die finansiële state vervat behoort te wees nie, omdat die Wet op Mediese Skemas nie behoorlike voorskrifte hieroor bevat nie.

Bo en behalwe die tekortkominge in verslagdoeningstandaarde, bestaan daar ook geen voorskrifte in die Wet wat die aanstelling, afdanking, regte en pligte van ouditeure reël nie.

Volgens die UP-ondersoekspan behoort voorskrifte wat die behoorlike openbaarmaking van finansiële aangeleenthede in die finansiële state van Mediese Skemas reël, geformuleer te word.

In Suid-Afrika is die volgende voorskrifte beskikbaar wat as riglyne kan dien vir die daarstelling van verslagdoeningstandaarde vir mediese skemas, naamlik:

Die statutêre voorskrifte van die Maatskappywet van 1973, soos gewysig.

Standpunte en riglyne oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk wat deur die Rekeningkundige Praktykeraad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgereik word.

Alhoewel die voorskrifte van die Maatskappywet van 1973, soos gewysig, slegs van toepassing is op maatskappye wat onder die Wet geregistreer is, bied hierdie Wet betekenisvolle riglyne vir behoorlike finansiële verslaglewering, ongeag die betrokke organisasievorm.

Die Maatskappywet bepaal dat 'n maatskappy se finansiële state uit 'n balansstaat en inkomstestaat met aantekeninge, 'n kontantvloeistaat, 'n direkteursverslag en 'n ouditeursverslag moet bestaan. Hierdie finansiële state moet ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk die stand van sake van die maatskappy soos aan die einde van die betrokke boekjaar, en die wins/verlies vir daardie boekjaar, redelik weergee *tesame* met die wesenlike aangeleenthede wat nie spesifiek deur die Wet voorgeskryf word nie, maar wat die besigheid van die maatskappy beïnvloed of sal beïnvloed.

Wesenlike aangeleenthede wat nie deur die Maatskappywet gedek word nie maar uniek is tot die besigheid van mediese skemas, behoort deur bykomende voorskrifte gereël te word wat aanvullend is tot die basiese voorskrifte.

Die Wet op Mediese Skemas behoort ook voorsiening te maak vir voorskrifte met betrekking tot die aanstelling en afdanking van die ouditeur. Verder behoort die pligte van die ouditeur aangaande finansiële jaarstate en ander aangeleenthede duidelik uiteengesit te word sodat daar geen verwarring ontstaan waaroor verslag gedoen moet word en watter spesifieke pligte nagekom moet word alvorens sodanige verslag uitgereik kan word nie.

# Sakesektor moet betrokke raak

In die samelewing van die toekoms sal steeds groter klem op rekenaargeletterdheid geplaas word. Sonder 'n mate van rekenaarvaardigheid

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

sal toegang tot kennisbronne bykans onmoontlik wees. Rekenaargeletterdheid sal net so 'n fundamentele element van die opgevoede mens se "toerusting" word as lees- en skryfkennis en rekenkundige vermoëns.

Prof Cees Roon van die Departement Informatika en president van die Rekenaargebruikersraad van Suid-Afrika, het op 14 Julie as geleentheidspreker opgetree by die prystoekenningsdinee van die Ou Mutual Rekenaarolimpiade in Kaapstad.

In sy toespraak het prof Roon daarop gewys dat, alhoewel rekenaars slegs een van die hulpmiddels is waarmee die standaard van opleiding verhoog kan word, dit nogtans 'n belangrike een is wat op die langer termyn ook kan help om die lewenstandaard te verhoog.

Prof Roon het beklemtoon dat die bedryfslewe meer betrokke moet raak by die opleiding van die jeug. "Te dikwels word opleiding volledig gerig deur die belangstellings van akademici sonder dat die sakesektor se belange genoegsaam in ag geneem word," het hy gesê.

Ten slotte het prof Roon 'n toekoms-scenario geskets waarin die sakewêreld wegbeweeg van die korporatiewe konglomeraat na die gespesialiseerde, niche-markgeoriënteerde besigheid wat kwaliteitsdiens en -produkte lewer. In hierdie milieu sal die individu sy eie vermoëns vollediger kan ontplooi en 'n groter bydrae tot die samelewing kan lewer.

# Die toekoms - genasionaliseer of nie?

"Die kern van nasionalisering is die herverdeling van welvaart na goeddunke van 'n owerheid. Die filosofie is klaarblyklik dat die owerheid met groter welslae as die mark ekonomiese doelwitte kan bereik. In Rusland, Oos-Europa en Afrika het dié filosofie misluk."

Dit was die woorde van prof Geert de Wet, hoof van die Departement Ekonomie, in 'n toespraak tydens 'n konferensie oor *Veiligheid in 1990* by die WNNR. Hy het gesê die ekonomiese opheffing van Suid-Afrika is slegs moontlik indien besef word dat welvaart deur produksie en niks anders nie, gegenereer word.

"Optimale produksie word weer deur die nastrewing van individuele winsmaksimering aangevuur. Volslae ekonomiese vryheid is 'n voorvereiste vir optimaliteit. Individuele gevalle van mislukking sal steeds voorkom, maar sodra daar weggedoen word met die vryheid om te faal (sosialisme), word die vryheid om te presteer versmoor. Die markmeganisme sal wel soms faal; owerheidsinmenging daarenteen, misluk sonder uitsondering," aldus prof De Wet.

Hy het voorts gesê dat markmislukking korrektiewe kragte waaroor geen owerheid beskik nie, aan die werk sal sit. 'n Owerheid wat misluk, dompel die ganse land in ellende. Tog word burokratiese mislukking dikwels toegesmeer en sulke korrupsie het steeds groter mislukking tot gevolg.

Hy het afgesluit met die woorde: "Indien 'n beleid van vryheid, vrye ondernemerskap en 'n beperkte owerheidsektor gevolg word, kan alle inwoners van Suid-Afrika se welvaart binne 'n kort periode verhoog. 'n Burokrasie, daargestel deur nasionalisering, kan egter nooit droom om Suid-Afrika se groeipotensiaal te verwesenlik nie."




*Met erkenning aan* ***Reg Smythe en Mirror Publications***

# Arbeidswetgewing word hersien

Naas die politiek is arbeidsverhoudinge seker een van die mees dinamiese terreine in Suid-Afrika. Arbeidsverhoudinge het nie, soos die meeste mense dit beskou, bloot met die werkgewer-vakbondverhouding te doen nie. Die grondslag van goeie arbeidsverhoudinge lê in die basiese verhouding tussen toesighouer en werknemer in die werksituasie.

Arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika is tans baie sterk polities gekleur, maar sodra die nuwe politieke bedeling in werking is, word gehoop dat veral vakbonde hul aktiwiteite sal toespits op die terrein waar hulle werklik tuishoort, naamlik die diensvoorwaardes en werklewegehalte van die werknemer.

Ten einde betyds voorsiening te maak vir 'n nuwe arbeidsbedeling, het die Departement van Mannekrag reeds in 1989 begin met hernieude hersiening van arbeidswetgewing. Een van die belangrikste wette in die hersieningsproses is die Wet op Arbeidsverhoudinge. Die taak word as baie belangrik beskou en vir dié doel is prof Fanie van Jaarsveld, hoof van die Departement Handels- en Arbeidsreg, vir 'n tydperk na die Departement van Mannekrag gesekondeer om aan die taak aandag te gee.

Enkele van die belangrikste sake wat in die hersieningsproses na vore sal tree en waarvan enkele tekens reeds sigbaar is, is die vraag of groepe soos plaaswerkers, huishulpe en staatsamptenare steeds uitgesluit sal wees van die Wet. Verder sal die beginsel van geslote geledere weer aangespreek moet word, aangesien dit in der waarheid lynreg bots met die reg tot vryheid van assosiasie.

'n Ander aangeleentheid wat reeds in die verlede sterk onder die soeklig gekom het, is die eise wat werknemers teen vakbonde kan instel indien die werkgewer skade ly as gevolg van 'n staking.

Laastens sal deeglik besin moet word oor die totale situasie van intimidasie van nie-stakers deur stakers, wat waarskynlik op ander wyses as wetlike beperkinge aangespreek moet word.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010




# Wêreld-kenners in gesprek

Die wisselwerking tussen 'n veranderende sosio-politieke omgewing en ekonomiese ontwikkeling: dit was die tema van 'n internasionale konferensie wat in Maart deur die Departement Ekonomie (Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise) aangebied is.

Volgens prof Geert de Wet, hoof van die Departement, het hierdie drie dae lange konferensie geleentheid gebied vir 'n intensiewe gesprek tussen sowat 40 van die voorste denkers op dié gebied. Die gesprek



*Teetyd was 'n welkome wegbreeksessie vir drr Dieter Lösch (links), van die Institute for Economic Research, Hamburg, Bertina Hurni (middel), van die Université De Neuchatel, Genève en prof James Ahiakpor van Saint Mary's University in Halifax, Kanada*

is gelei deur verskeie aktuele voordragte wat deur sowel plaaslike as internasionale kundiges gelewer is. Die konferensie het, te oordeel aan die reaksie van veral buitelandse besoekers, met besondere welslae verloop.



# Ere-doktorsgraad aan Marius de Waal

Tydens die Lentepromosieplegtigheid is die graad DCom(Honoris Causa) aan mnr Marius de Waal, voorsitter van Yskor en Transnet, toegeken. Met hierdie toekenning het die Universiteit van Pretoria 'n begaafde en veelsydige sake- en nywerheidsleier vereer vir sy omvangryke bydraes tot die ontwikkeling van veral die nywerheidswese in Suid-Afrika.

# Vergelyking van persoonlike inkomste

Prof Fanie Steyn, 'n bekende in statistiese en universiteitskringe, het op 29 Augustus 'n gedenklesing, getiteld *Moderne statistiese prosedures vir die ontleding van omvangryke datastelle met toepassing op die bestudering van inkomste,* gelewer.

Prof Steyn wys in hierdie lesing daarop dat die klakkelose gebruik van bekende statistiese prosedures vir die bestudering en vergelyking van inkomstesyfers tot misleidende gevolgtrekkings kan lei. Onder meer word meer spesifiek gewys op foutiewe aannames by die vergelyking van byvoorbeeld persoonlike inkomste. Vir hierdie doel behoort daar altyd rekening gehou te word met die onderliggende teorieë waarop algemeen gebruikte rekenaarprogramme berus.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Die impak van vernuwing

In die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika vind daar veranderinge en vernuwing op die bestuursvlakke van alle sektore, in sowel die openbare- as die private sektore, plaas.

Die Departement Publieke Administrasie het op 26 Junie 1990 'n eendagseminaar oor die impak van vernuwing op openbare bestuur aangebied. Sprekers soos dr Piet van der Merwe, voorsitter van die Kommissie vir Administrasie; dr Anton Moolman, besturende direkteur van Transnet Beperk; dr Colin Cameron, president van die Vereniging van Staatsamptenare en mnr Peter Wronsley, die ouditeur-generaal, het verskillende aspekte rondom dié tema aangespreek.

Dr Cameron het beklemtoon dat die vernaamste impak van vernuwing om die mens self wentel. Hy het gesê: "Nadat die nuwe Suid-Afrika gevestig geraak het, die optogte en demonstrasies verby is en die kruisies op die stembriefies getrek is, sal dit steeds die staatsamptenaar wees wat as deel van die Uitvoerende Gesag die wa deur die drif moet kry. Die amptenaar sien sy toekoms in oorlewing en hy slaan sowel die eksterne as die interne omgewing gade met die oog op die vind van 'n toekoms vir oorlewing."

Dr Cameron het verder gesê: "Enige politieke verandering sal noodwendig 'n rimpeleffek op die mense in die staatsdiens hê. Interne demotiverende en negatiewe faktore sal vir die mens betekenis kry, soos die twyfel oor die persoonlike realisering en eksistensiëring van die individu; was sy werk al die jare nutteloos, of waarom word alles nou geprivatiseer?"

Volgens dr Cameron sal die staatsamptenaar ook meer sensitief raak oor sy vergoedingsbehoeftes (veral in die lig van toenemende begrotingsbesnoeiings), oor alternatiewe loopbaangeleenthede en oor die beperkings op die funksies wat hy uitoefen. Hy toon aan dat die staatsowerheid se rol in die toekoms sal verander van gesagsuitvoerder en ordeskepper na 'n katalis vir innovasie en ekonomiese verryking.



*Die kundiges wat hul mening gelug het oor die impak van vernuwing op openbare bestuur is van links dr Anton Moolman, mnr Peter Wronsley, prof Paul Botes (hoof, Departement Publieke Administrasie), dr Piet van der Merwe en dr Colin Cameron*

# Die rol van personeelbestuur

As vakgebied is personeelbestuur in Suid-Afrika nog baie jonk. Trouens, drie dekades gelede was die personeelfunksie in ondernemings nog hoofsaaklik 'n integrale deel van die administratiewe funksie. Vandag staan die personeelpraktisyn in Suid-Afrika voor een van die grootste uitdagings nóg in die relatief kort en intensiewe groeiperiode wat die vakgebied beleef het, naamlik om hom en sy vakgebied suksesvol as 'n volwaardige vennoot in die bestuursproses van sy onderneming te vestig.

Hierdie belangrike taak geskied verder binne 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap op die vooraand van dramatiese en ingrypende veranderinge.

Teen hierdie agtergrond gesien, moet die personeelpraktisyn en sy vakgebied dus indringend kyk na hul rol en bydraes binne ondernemingsverband in 'n veranderende samelewing. Dit was die onderwerp van 'n gedenklesing deur dr Pieter Britz, groepbestuurder: Mannekrag van Transnet. Hierdie lesing is deur die Departement Personeelbestuur aangebied as deel van die Fakulteit se herdenking van sy sewentigjarige bestaan.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Kontak met toekomstige rekenmeesters



Van links is mev Martie van Rensburg (Unisa), mnr Willie Lubbe (Wiehahn Meyernel), prof Marius Koen (UP) en mnr Gerhard Worst (Theron du Toit) besig om die verrassende uitslag van die GR/ICL Skole Bestuurswedstryd te bespreek

Hoë gehalte studente en uitnemende onderrig is 'n wenkombinasie wat bekwame graduandi vir die arbeidsmark kan lewer.

Met die oog hierop is die personeel van die Afdeling Finansiële Rekeningkunde van die Skool vir Rekenmeestersopleiding deurlopend betrokke by skoleskakelingsaksies. Besoeke word op uitnodiging aan hoërskole gebring, waartydens voorligting oor beroepsmoontlikhede in die rekenmeestersprofessie aan skoliere verskaf word.

Verskeie dosente is ook aktief betrokke by die Komitee vir Beroepsleiding en Skakeling van die Pretoria Streekvereniging vir Geoktrooieerde Rekenmeesters. Aktiewe werwing van skoliere en voorligting aan beroepsleidingsonderwysers is deel van die hoofdoelwitte van die komitee. Die komitee het ook die afgelope aantal jare aan die jaarlikse Loopbane 2000-skou in Mei deelgeneem en die geleentheid benut om beroepsvoorligting te gee.

Die personeel van die Afdeling Finansiële Rekeningkunde is ook jaarliks betrokke by die reëlings van die GR/ICL Skole Bestuurswestryd.

Hierdie wedstryd word gesamentlik deur die S A Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters en ICL vir hoërskoolleerlinge in Rekeningkunde aangebied. By wyse van 'n gesimuleerde rekenaarspel word leerlinge aan die uitdagings en kompleksiteit van die huidige sakewerêld blootgestel.

# Navorsing in Logistiek

Die Departement Bestuurswese doen tans navorsing oor die meting van verbruikerstevredenheid. Hierdie navorsing wat deur prof Pieter Nagel en mnr Lukas Introna onderneem word, is van besondere belang vir alle diensorganisasies. Om die rede ondersteun Transnet dié navorsing met 'n bedrag van R100 000 per jaar.



*Dr Anton Moolman (links), besturende direkteur van Transnet Beperk, by die Visekanselier en Rektor, prof Danie Joubert (middel), en mnr Marius de Waal, voorsitter van Yskor en Transnet Beperk*




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010


# Dankie!

## Die borge wat ons lêers en kaartjies vir die herdenkingsjaar moontlik gemaak het:

**Standard Bank**




*Van links is mnr Allan van Wyngaardt, studentebestuurder, prof Koos Stadler, dekaan, en mnr Louis Lategan, bestuurder, persoonlike bankdienste*



*By prof Koos Stadler staan mnre Schalk Marais, streekbestuurder, en Barnie Badenhorst, bemarkingsbestuurder*

**Ou Mutual**

# Soeklig op bestuurs-uitdagings

Die Departement Bedryfsekonomie is in Oktober die gasheer vir die tweede jaarlikse konferensie van die Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes. Die konferensie is by UP gereël in aansluiting by die vieringe van die Fakulteit se sewentigste herdenkingsjaar.

Die hooftema van die konferensie is *Bestuursuitdagings vir 'n toekomstige Suider-Afrika.* Subaspekte wat tydens die geleentheid deeglik onder die soeklig geplaas word, is Suider Afrika: Megatendense en Streekontwikkelingstrategieë; Bestuursopleiding en -ontwikkeling en Eietydse bestuursvraagstukke.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

ONDERRIG

# Tekort aan bestuuurslui in toerismebedryf aangespreek

'n Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur is vanjaar by die Nagraadse Bestuurskool ingestel. Mnr Kent Durr, Minister van Handel, Nywerheid en Toerisme, het op 22 Maart vanjaar by die bekendstelling van dié Leerstoel gesê dat hy die instelling daarvan baie hoog aanskryf. Dit is 'n mylpaal-geleentheid om die probleem van ontoereikende bestuur in die hotel- en toerismebedryf die hoof te bied.

Hy het voorts gesê die hele toerismebedryf in Suid-Afrika sal daarby baat - veral waar die klem toenemend op die uitbou van toerisme as 'n "uitvoerproduk" en verdiener van buitelandse valuta val. Die Suid-Afrikaanse en Afrika-markte se behoeftes moet terselfdertyd optimaal bevredig word.



*Die besturende direkteur van die Southern Sun-hotelgroep, mnr Bruno Corté, ontvang 'n geskenk van die Vise-kanselier en Rektor, prof Danie Joubert*

Die toerismebedryf het 'n nypende tekort aan opgeleide bestuurslui. Doeltreffende bestuur is nodig om dié bedryf uit te bou, het die Minister gesê. Hy het voorts verklaar dat die regering 'n hoë premie plaas op toerisme met sy ontsaglike groeipotensiaal.

Toerisme is die wêreld se grootste bedryf, maar in Suid-Afrika val dié "uitvoerproduk" nie eers onder die eerste vyf nie. Dit word egter tereg in Suid-Afrika as 'n bedryf met ontsaglike potensiaal beskou.

Dié bedryf word egter gekenmerk deur sy hoë arbeidsomset van ongeveer 67 persent. Voeg daarby dat 27 persent van die bedryf se personeel die bedryf verlaat, dan lyk die bestuursprentjie nog donkerder. In 1989 was daar 'n tekort van feitlik 1 000 mense op die laer bestuursvlakke in dié bedryf.

Die Universiteit van Pretoria en die Southern Sun-hotelgroep spreek die bestuursprobleme aan met die vestiging van 'n Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur. Dit is die eerste keer dat die probleme op tersiêre vlak aangespreek word - selfs tot op MBA-vlak.

Intensiewe navorsing is by die oorsese instellings gedoen in die skepping van doelgerigte bestuurskursusse. Die kursusse hou voordele in vir hotelle, ander private en openbare oorde, lugrederye, motorhuurfirmas, reisagente, spyseniers, restourante en ander toerismeverwante organisasies.

Die Southern Sun-hotelgroep en die Nagraadse Bestuurskool glo dat die opleiding wat deur middel van dié borgskap aangebied word, die beeld van die hotel- en toerismebestuur as 'n bedryf, maar ook as 'n potensiële werkgewer, sal uitbou. Dit sal help om werkgeleenthede te skep en die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevorder.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Nuwe struktuur van Informatika-kursusse

Daar bestaan steeds 'n groeiende behoefte aan rekenaarvaardigheid in alle beroepsrigtings. Die Departement Informatika maak dit daarom vanaf volgende jaar vir alle studente van die Fakulteit moontlik om 'n hoë vlak van vaardigheid te bereik.

Informatika kan voortaan tot op derdejaarsvlak as 'n keusevak geneem word, wat uitgebreide kennis van die vak nou ook binne die bereik plaas van studente wat nie noodwendig 'n loopbaan in die rekenaarwêreld beplan nie.

Studente wat hulle wel wil bekwaam vir 'n loopbaan in die rekenaarwêreld, volg naas die twee semesterkursusse in Informatika wat op elke vlak aangebied word, ook nog elke jaar 'n gespesialiseerde jaarkursus. Meer tegniese aspekte van die vak word in hierdie jaarkursusse behandel.

Die Departement Informatika, wat in 1986 tot stand gekom het onder die naam Handelsrekenaarwetenskap, en eers in 1988 as die Departement Informatika bekend geword het, is een van die jongste toevoegings tot die Fakulteit.

Informatika as vakgebied het ontstaan uit 'n aantal vakgebiede wat almal iets te doen het met die versameling, berging en beskikbaarstelling van organisatoriese en ander inligting. Die klem val egter op rekenaarstelsels wat deur die mens vir die mens gebou word, en op die bestuur van hierdie stelsels ter ondersteuning van die bedryf- en bestuursfunksies van 'n organisasie.

Dit beteken dat 'n groot deel van die vakgebied gedragswetenskaplik van aard is, terwyl daar ook 'n sterk tegniese komponent is. Alhoewel dit moeilik is om te veralgemeen, sê prof Roode dat die student wat hom of haar die meeste in hierdie vak sal kan uitleef, daardie student is wat van mense hou en wat nie bang is vir tegniese dinge nie.

"In die verlede is daar 'n te groot klem geplaas op die tegniese sy van rekenaars en rekenaarstelsels, en het 'n mens geglo dat die regte student daardie een is wat lief is vir knoppies en liggies en darem mense kan verdra. Ons dink die saak moet vorentoe andersom bekyk word," het prof Roode verduidelik.

Die BCom(Informatika)-graad bly steeds die deuroopmaker vir nagraadse studie in Informatika. Studente wat dié graad behaal, verwerf nege krediete (uit 'n totaal van 27) in Informatika. 'n Derde van die kursus word dus aan Informatika gewy.

Dit bied aan die student 'n uitstekende wegspringplek vir 'n loopbaan in die rekenaarwêreld.

# 'n Puik slaagsyfer in KE

Met die bekendmaking van die 1990-uitslae van die Kwalifiserende Eksamen (KE) wat deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad afgeneem is, het Tuks weer eens goed presteer. Die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) het 'n puik slaagsyfer van 75 persent vir sy kandidate, vergeleke met 'n landsgemiddeld van 56 persent, gehad.

Een van die Tukkie-kandidate, Jaco du Plessis, het skitterend gevaar deur die sewende plek uit 1 500 kandidate te behaal.

Die stigting van die SRO in 1987 het ook sy vrugte begin afwerp ten opsigte van die aantal kandidate wat die afgelope eksamen geslaag het. Tot 1987 was die gemiddelde aantal kandidate wat jaarliks geslaag het, ongeveer 20. In 1990 het 59 kandidate die Kwalifiserende Eksamen geslaag.

Volgens die direkteur van die SRO, prof Herman de Jager, dui alles daarop dat die SRO teen 1992 ongeveer 80 geoktrooieerde rekenmeesters kan lewer en teen 1993 die100-merk sal bereik.



*Jaco du Plessis (links) het die sewende plek in die KE-eksamen, waarin Tukkies weer eens goed presteer het, behaal. By hom staan prof Herman de Jager, direkteur van die SRO*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# 'n Loopbaan in statistiek

Watter studie- en beroepsgeleenthede is daar vir jongmense wat 'n wiskundige aanleg en 'n belangstelling in probleemoplossings het? Waar kan 'n student in die wiskundige wetenskappe vir beurse aanklop?

Hierdie en ook talle ander vrae word beantwoord in 'n loopbaanbrosjure van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging wat onlangs verskyn het. Hierdie brosjure, getiteld *'n Loopbaan in Statistiek/A Career In Statistics*, is die eerste van sy soort in Suid-Afrika en vervul 'n lang gevoelde behoefte wat reeds lankal by skoliere, voorligtingonderwysers en studente bestaan. Dit is gerig op jongmense wat hulle liefde vir wiskunde op 'n praktiese wyse in 'n beroep wil uitleef.

Personeel van die Departement Statistiek speel 'n leidende rol in 'n nasionale projek van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging waarin loopbaaninligting op verskeie maniere aan skoliere en studente verskaf word. Afgesien van die loopbaanbrosjure is daar 'n strooibiljet, plakkaat, klank- en kleurskyfiereeks en 'n videoprogram. Laasgenoemde twee items word teen 'n nominale tarief aan belangstellendes beskikbaar gestel.

Hierdeur hoop die Statistiese Vereniging om aan jongmense 'n kykie te gee in die verskeidenheid van interessante loopbane rondom interpretasie van syfers, berekening van waarskynlikhede en voorspelling van toekomstige neigings. Vir verdere inligting skryf aan:

Die Voorsitter: Loopbaankomitee
SASV
Posbus 27321
Sunnyside
0132

of skakel:

Mnr André Swanepoel,
sekretaris van die Loopbaankomitee,
by (012) 420-3440.

---

# Praktiese toepassings noodsaaklik

Die Departement Informatika het met 'n unieke situasie te doen, naamlik die dosering van 'n vak wat hoofsaaklik gerig is op praktiese toepassings. Die Departement beskik oor uitstekende fisiese fasiliteite wat hulle in staat stel om aan dié doseringsvereistes te voldoen.

Die Departement beskik tans oor een nagraadse en twee voorgraadse laboratoria wat onderskeidelik met 10 AT- en 80 XT-masjiene toegerus is. Elk van die laboratoria beskik oor 'n netwerk, en die fasiliteite vir hoofraamkommunikasie is reeds aangebring en sal binnekort in gebruik geneem word.

Die Departement betrek studente by die alledaagse bestuur en onderhoud van die programmatuur, asook by die beskerming van die apparatuur wat elke dag gebruik word. Probleme soos rekenaarvirusse en -diefstalle noodsaak goeie toesighouding.

Ontwikkeling van programmatuur van hoë standaard vir gebruik in die laboratoria word sedert die begin van 1990 ook deur studente behartig. Ontwikkelings wat reeds in gebruik is, is antivirus stelsels, 'n stelsel vir studenteregistrasie en fasiliteitebeskermingstelsels. Talle ander projekte, onder meer 'n dosenthulpstelsel wat gebruik sal word tydens praktiese lesings, word ook in die vooruitsig gestel.

---

# Geleentheid vir studente-inspraak

Benewens 'n stelsel van voogdosente gebruik die Fakulteit ook 'n suksesvolle klasverteenwoordigerstelsel. Verteenwoordigers uit die onderskeie klasgroepe in elke vakkursus kry die geleentheid om hul ervaring met die kursus, leerstof en lesings uiters openhartig met die betrokke departementshoof te bespreek.

Sekere vereistes word ten opsigte van die klasverteenwoordiger gestel: die student mag nie 'n druipeling wees nie, moet 'n gesonde oordeel kan handhaaf en maklik bereikbaar vir studente wees.

Tydens gereelde byeenkomste van elke klasgroep word die klas se menings ingewin deur 'n gestruktureerde vraelys wat deur die klasverteenwoordiger voorgehou word sonder dat die dosent teenwoordig is. Klasverteenwoordigers kry dan later die geleentheid om tydens 'n vergadering hierdie vraelyste as basis vir bespreking te gebruik. Dit bied die betrokke departementshoof die geleentheid om knelpunte in die regte perspektief te plaas.

Hierdie terugvoering van klasverteenwoordigers word in 'n kort verslag saamgevat en na die dekaan vir kennisname gestuur. Hy mag bepaalde klasverteenwoordigers ontbied om knelpunte te bespreek. In sommige studierigtings in die Fakulteit word 'n derdejaar klasverteenwoordiger benoem as verteenwoordiger vir die hele studierigting.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

INTERNASIONAAL

# Skerp kontras tussen Hong Kong en Singapoer

Prof Adré Boshoff het gedurende die eerste week van Junie die *Third International Conference on Comparative Management* in Kaohsiung, Taiwan, bygewoon. Tydens die konferensie het hy aan vier referate, wat almal ook in die verrigtinge van die konferensie gepubliseer is, deelgeneem.

Die referate is baie goed ontvang. Prof Fred Luthans het onder meer gesê dat die drie referate wat oor entrepreneurskap gehandel het, nuwe navorsingsmoontlikhede geopen het deurdat daar, soos hy dit gestel het, weggekom is van "tired stuff" (die gebaande weë van navorsing op dié gebied). Verskeie voorsitters en beoordelaars tydens sessies waar die referate voorgedra is, het ook gepraat van "amazingly good work done under harsh circumstances in South Africa."

Voor en na die konferensie het prof Boshoff universiteite, veral sakeskole, in Hong Kong, Taiwan en Singapoer besoek. Die kontraste tussen die gemeenskappe en die neerslag wat dit op die universiteite het, was baie duidelik.

In Hong Kong word groot onsekerheid oor die politieke en ekonomiese toekoms ervaar as gevolg van die verwagte bewindsoorname deur China in 1997. Dit was veral opvallend hoe twyfelagtig dosente by die Chinese Universiteit van Hong Kong oor die rol van hul universiteit en sakeskool in die toekoms is. Die dosente aan die "Engelse" Universiteit van Hong Kong, wat hoofsaaklik uit Brittanje en die VSA afkomstig is, het 'n filosofiese houding. Die uitlating "Ons sal maar net nie ons kontrakte hernieu nie, maar bestudeer in die tussentyd wat in 'n sakegemeenskap gebeur tydens so 'n oorgangstydperk", verteenwoordig hulle sienings. Opvallende verskynsels in die sakegemeenskap wat reeds geïdentifiseer is, is 'n toename in korrupsie op hoë vlak en 'n verkorting van die beplanningshorisonne van sake-ondernemings.



Een van die **Eerste 500 intellektuele leiers van die wêreld**, prof Adré Boshoff

In skerp kontras hiermee is die situasie in Singapoer waar, te midde van sterk regulering van ekonomiese en sosiale aktiwiteite deur die landsregering, groot optimisme en sterk groei in veral die dienste-sektor van die ekonomie ondervind word. Dit vind sterk neerslag by die Universiteit van Singapoer waar onder meer die jong Sakeskool sterk aan die ontwikkel is.

Opvallend in al drie lande was dat feitlik al die universiteitsdosente doktorsgrade het en dat die universiteite uit hulle pad gaan om jong dosente in staat te stel om doktorsgrade aan buitelandse universiteite in Europa en veral Amerika, te verwerf. Die navorsingsaktiwiteite van hierdie sogenaamde *Pacific Rim and Pacific Basin countries* se universiteite is dan ook kwantitatief op 'n baie hoë vlak. Die gehalte van die navorsing verbeter ook baie vinnig.

Volgens prof Boshoff is dit moeilik om te sien hoe hierdie lande met hul kundige en werklustige bevolkings kan vermy om gedurende die volgende twee of drie dekades die dominante ekonomiese mag in die wêreld te word.

# Ekonoom besoek VSA

Prof Fritz Steyn van die Departement Ekonomie besoek vanjaar vyf universiteite in die VSA. Die voorlesings en seminare wat hy beplan om daar aan te bied, sal oor die invloed van sanksies, die rol van mynbou in die Suid-Afrikaanse ekonomie, die rol van die owerheid in 'n toekomstige Suid-Afrika en huidige strukturele ekonomiese probleme handel.

Hy sal ook by die Amerikaners kers opsteek oor toelatingsvereistes, kurrikulering, eksaminering en ander onderrigaangeleenthede. Verbetering en vooruitgang bly 'n prioriteit.

Prof Steyn beplan voorts om besoeke aan instansies soos die Internasionale Monetêre Fonds, die Verenigde Nasies en die Wêreldbank te bring - kosbare skakeling in die lig van die dinamiek van die toekoms.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Frankryk wil kontak bewerkstellig

Paul Bayle, 'n tweedejaarstudent aan die Hautes Etudes Commercials Bestuurskool in Frankryk, het op 12 Julie 'n besoek aan die Departement Ekonomie gebring. Die primêre doel van sy besoek aan Suid-Afrika was om (in opdrag van die Bestuurskool), kanale vir kommunikasie en kontak tussen Franse entrepreneurs en nyweraars in Suid-Afrika te ondersoek met die oog op moontlike Franse beleggings in Suid-Afrika.

Volgens mnr Bayle heers daar tans groot belangstelling by Franse sakemanne om in die nuwe Suid-Afrika te belê.

Proff Mike Truu, Fritz Steyn en mnr Chris Harmse het in hul gesprek met mnr Bayle 'n kort uiteensetting van die aard en toestand van die ekonomie gegee en veral klem gelê op die feit dat sanksies, disinvestering en die verpligte terugbetaling van buitelandse skuld die hoofoorsaak vir die swak ekonomiese toestande in Suid-Afrika na 1985 is. Hulle het ook daarop gewys dat buitelandse lenings en beleggings juis uiters noodsaaklik vir ontwikkeling, groei en opheffing van die nuwe Suid-Afrika is.

Op 'n vraag oor nasionalisasie het mnr Bayle dit duidelik gestel dat Franse sakemanne, uit die ondervinding in Frankryk self, geheel en al gekant is teen die gedagte. Frankryk is baie optimisties dat Suid-Afrika, met die steun van Westerse ekonomiese hulp, die bakermat vir die ontwikkeling van die sub-Sahara Afrika-ekonomie moet en gaan wees.

Mnr Bayle het ook verder die moontlikheid vir direkte kontak tussen Franse en Suid-Afrikaanse universiteite, met die oog op wedersydse uitruilskemas van studente en navorsingsmoontlikhede, ondersoek.

Skakel gerus vir mnr Chris Harmse by (012) 420-3464 indien u verdere inligting in die verband wil hê.

# Stanford, Londen, Chicago

Prof Stephen du Toit van die Departement Statistiek is genooi om vanaf Januarie tot September 1990 drie oorsese universiteite te besoek.

Eerste op sy program was 'n besoek van drie maande aan die Departement Statistiek van Stanford Universiteit. Hier het hy, benewens sy navorsing (waaruit twee tegniese verslae gespruit het), ook 'n kursus in Statistiek vir nagraadse studente van ander departemente en 'n seminaar aangebied.

Gedurende sy besoek aan Stanford het prof Du Toit 'n paar interessanthede waargeneem: Dit is daar gebruiklik om vooraf te besluit op die persentasie studente aan wie A, B en C-simbole onderskeidelik toegeken sal word en dikwels moet 'n student wat 80 persent in 'n eksamen behaal het, met 'n C-simbool tevrede wees. 'n Klasgemiddeld van 85 persent of hoër in 'n eksamen is ook geen buitengewone verskynsel nie. Die studente by Stanford hou hulle by 'n erekode wat beteken dat daar nie tydens toetse of eksamens enige toesig gehou word nie. Nadat die vraestelle uitgedeel is, verlaat die betrokke dosent die lokaal en neem buite stelling in om enige navrae te beantwoord.


Na die besoek aan Stanford het prof Du Toit na Engeland vertrek vir 'n besoek van twee maande aan die Universiteit van Londen, waar prof Harvey Goldstein van die Instituut vir Opvoedkunde sy gasheer was. Gedurende sy verblyf in Engeland het hy 'n drie dae lange werkwinkel, getiteld *Multilevel analysis,* bygewoon en afrondingswerk aan 'n artikel (wat reeds vir publikasie aanvaar is) voltooi.

Prof Du Toit het ook vir 'n projek, getiteld *The prediction of human growth* (waarmee hy begin het), 'n omvattende rekenaarprogram voltooi tydens sy verblyf in Engeland.

Vanaf Junie was prof Darryl Bock van die Departement Sielkunde, Afdeling Psigometriese Navorsing, Chicago Universiteit, prof Du Toit se gasheer. Prof Du Toit het tydens sy verblyf in Chicago goeie vordering gemaak met die ontwikkeling van 'n aantal nuwe konsepte vir die voorspelling van groei. Ten tye van hierdie berig se skrywe het hy ongeveer 20 Fortran subroetines ontwikkel om programmatuur vir die *Prediction of Human growth*-projek toeganklik te maak vir mikrorekenaargebruikers.

## Estland nooi UP-ekonoom

Gedurende Mei 1990 het prof Mike Truu van die Departement Ekonomie 'n reeks lesings oor *Die gemengde volkshuishouding in 'n veranderende wêreld* aan die Instituut vir Bestuurswese in Estland gelewer. Die oorskakeling van 'n sentraal-beplande na 'n markgerigte ekonomiese stelsel geniet tans groot aandag in Oos-Europa, en prof Truu het in dié verband ook 'n aantal besprekings by die Estiese Ministerie van Ekonomiese Sake bygewoon.



*Prof Mike Truu (regs), 'n Estlander van geboorte, het vroeer vanjaar in die land op uitnodiging 'n reeks lesings, in Esties, gegee. By hom staan mnr Evald Haäl van die Ministerie van Ekonomiese Sake van Estland en mej Ylle Vallman van die Instituut vir Bestuurswese*




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Oorsese besoekers by Nagraadse Bestuurskool

**Prof Mike Hannan**, verbonde aan die Departement Sosiologie aan Cornell Universiteit (VSA), het op 5 Junie die voltydse MBA-klas en dosente toegespreek oor *Organizational Ecology*. As een van die toonaangewende sosioloë in die VSA op die gebiede van navorsingsmetodologie en ondernemingsdoeltreffendheid, het hy veral klem gelê op maatstawwe van ondernemingsdoeltreffendheid in dié bepaalde teoretiese model.

**Prof Harold Kersner** van Baldwin Wallis College, Ohio, VSA, het vroeër vanjaar die MBA-studente oor projekbestuur toegespreek. Prof Kersner is 'n wêreldbekende outoriteit op die gebied van projekbestuur. Hy tree op as konsultant vir onder andere NASA, Disney, die Amerikaanse Weermag, Ford en tientalle ander Amerikaanse, Europese, Midde-Oosterse en Suid-Afrikaanse maatskappye.

**Professor Edgar T Busch** van die Universiteit van Western Kentucky was gedurende Mei en Junie as besoekende professor verbonde aan die Nagraadse Bestuurskool en het lesings in Strategiese Bestuur in die MBA-program waargeneem.



*Prof Edgar T Bush het vroeër vanjaar vir twee maande lesings in Strategiese Bestuur aan MBA-studente gegee*

**Prof Alonso Strickland III** het op 14 Junie 'n lesing vir die MBA-studente oor *Strategiese bestuur as proses* aangebied. Prof Strickland is veral bekend as mede-outeur van *Strategic Management: Concepts and Cases*. Hierdie boek is 'n voorgeskrewe werk aan ongeveer 600 universiteite en sy tweede uitgawe is tans beskikbaar.

**Prof Peter Herbert** van The Management College, Henley in Oxfordshire, het op 14 Augustus vanjaar die MBA-studente toegespreek oor mense se bestuur- en leierskapvermoëns wat verband hou met hul suksesse in die sake-ondernemings vir wie hulle werk. Hy is tans besig met 'n deurlopende studie in Brittanje oor dié onderwerp. Dit help ondernemings om hul werk- en mensebeskrywings beter te beskryf met die oog op die keuse en opleiding van bestuurders.

# Nuwe perspektiewe op markmeganisme

Die onvermydelike politieke verandering in sowel Oos-Europa as Suid-Afrika vereis 'n nuwe perspektief op die werking van die markmeganisme.

'n Internasionale simposium oor hierdie onderwerp is vanjaar in Wes-Duitsland deur die Universiteit van Siegen aangebied. By dié simposium, wat veral op 'n groter begrip van die markstelsel afgestem was, het proff Geert de Wet en Nic Schoeman van die Departement Ekonomie op uitnodiging van prof Bodo Gemper van die Universiteit van Siegen referate gelewer.

Na afloop van die simposium het hulle sleutelfigure in die Duitse ekonomiese bestel besoek. Dié skakeling met internasionale kollegas is van onskatbare waarde. Bestaande ekonomiese skakeling is herbevestig en waardevolle nuwe kontakte is bewerkstellig .

Hul blywende indruk na die draai deur Oos-Europa is een van die onmiskenbare verval van sosialisme - slegs die vrye mark bied aan individue die ruimte wat noodsaaklik is vir sukses.

# Bestuurskoolhoofde vergader in VSA

Prof Tienie van Vuuren, direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, was gedurende Januarie oorsee waar hy onder meer die European Foundation of Management Development in Brussel besoek het. Hy het ook besoeke gebring aan Bestuurskole in Europa en Amerika.

'n Hoogtepunt van sy besoek was die bywoning van die tweejaarlikse seminaar vir nuwe Bestuurskoolhoofde van die American Assembly of Collegiate School of Business (AACSB) in Phoenix, Arizona. Die Bestuurskool is reeds baie jare lank 'n lid van hierdie vooraanstaande internasionale organisasie.

Hoofde van meer as vyftig bestuurskole het hierdie baie nuttige vier dae lange seminaar bygewoon en onderwerpe wat behandel is sluit in MBA-kurrikula, keuring van studente, fondsinsameling, advieskomitees en studentesake.

Tydens die seminaar is 'n ervare hoof as voog aangewys vir elke deelnemer. Die voog vir UP se Bestuurskool is prof Roy Herberger Jr, president van die American Graduate School of International Management in Arizona.

Waardevolle internasionale kontak is gemaak en 'n hele aantal vooraanstaande akademici het te kenne gegee dat hulle Suid-Afrika graag wil besoek.

"Die standaard, kursusinhoud en fasiliteite van ons MBA- en ander bestuursopleidingsprogramme vergelyk baie goed met die goeie oorsese programme - teen 'n fraksie van die koste. Klasgelde oorsee beloop R50 000 tot R70 000. 'n Aspek waaraan ons egter baie dringend aandag moet skenk is die opbou van 'n sterk oud-studentevereniging. Dit is ook 'n prioriteit vir 1990", sê prof Van Vuuren.

# SA-houtbedryf

Die direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, prof Tienie van Vuuren, het gedurende Junie en Julie vanjaar 'n besoek aan Australië, Nieu-Seeland, die Cook-eilande, Kanada en die VSA as gas van die houtbedryf meegemaak. Die doel van die besoek was om die owerheid se betrokkenheid as eienaars in die houtbedryf in verskeie lande te ondersoek met die oog op die privatisering van die staat se bosboubelange in Suid-Afrika.

Dit was 'n baie geslaagde toer. Na sy terugkeer het prof Van Vuuren in Augustus 'n voordrag by die jaarvergadering van die SA Saagmeulenaarsvereniging gelewer oor *Privatiseringsopsies vir die Suid-Afrikaanse houtbedryf*.


'n Interessante aspek van die toer was die bywoning van die jaarkongres van die *New Zealand Timber Industry Federation* in Rarotonga op die Cook-eilande. Die kongres is bygewoon deur afgevaardigdes van Nieu-Seeland, Australië, Suid-Afrika en Chile.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

GEMEENSKAPSDIENS

# Die onontbeerlike bestuursvaardigheid

Die arbeidsverhoudinge milieu in Suid-Afrika verander nog elke dag. Oppervlakkige kennis oor arbeidsverhoudinge is nie meer voldoende nie. Dit is van kritieke belang dat lynbestuurders en praktisyns 'n deeglike begrip sal hê vir die onderliggende invloede en oorsake van neigings in die arbeidsomgewing.



*Mnr Mof Lemmer, buitengewone dosent in Arbeidsverhoudinge*

Met inagneming van die groeiende behoefte aan kennis oor die hantering van werkgewer-werknemer verhoudings, het die Departement Personeelbestuur in samewerking met die Instituut vir Personeelbestuur in 1987 'n kursus in Arbeidsverhoudinge ontwikkel. Hierdie kursus, genaamd *Arbeidsverhoudinge: Die onontbeerlike bestuursvaardigheid*, het so gewild geword dat die een program in 1987 uitgebrei moes word na drie programme in 1989, met nog kandidate wat oorstaan na 1990. Die 1990-program moes op sy beurt weer drie programme akkommodeer en die waglys vir 1991 groei steeds.

Die kursus word aangebied op 'n deeltydse sowel as voltydse basis deur die dosente van die Departement Personeelbestuur, en staan onder leiding van mnr Mof Lemmer, buitengewone dosent in Arbeidsverhoudinge. Tydens hierdie kursus word 40 persent van die tyd aan gevallestudie en rolspel gewy en die klem val op die praktiese oplossing van arbeidsverhoudingsprobleme in die werksituasie en nie net die verkryging van teoretiese kennis nie.

Die deeltydse kursus word weekliks na-uurs aangebied en kandidate woonagtig in die PWV-gebied kan dit bywoon. Om persone van regoor die land te kan akkommodeer, is 'n voltydse kursus ingestel wat gedurende Junie vanaf Maandag tot Saterdag aangebied word.

Oud-studente van die basiese kursus het 'n uitbreiding versoek en die Departement het nou 'n gevorderde kursus in Arbeidsverhoudinge ontwikkel. 'n Voorvereiste vir bywoning van die kursus is die Sertifikaat in Basiese Arbeidsverhoudinge of 'n Honneursgraad in Personeelbestuur.

Vir meer inligting oor bogenoemde kursusse, kontak mev Therese Bron by telefoonnommer (012) 420-3108.

Die Departement Personeelbestuur bied ook ander buitekursusse in die veld van mannekragbestuur aan. Vir meer inligting hieroor kan dr Hein Brand by telefoonnommer (012) 420-3433 geskakel word.

# Prestasie-ouditering

Daar is 'n neiging by owerheidsouditinstellings wêreldwyd om al hoe meer aandag te skenk aan die bereiking van maatreëls wat deur owerheidsinstellings getref word om te verseker dat hulpbronne ekonomies, doeltreffend en effektief benut word.

In pas daarmee het die Skool vir Rekenmeestersopleiding, in samewerking met die kantoor van die ouditeur-generaal en Theron du Toit, 'n seminaar oor prestasie-ouditering op die Tukkie-kampus aangebied.

Die teoretiese grondslae van prestasie-ouditering is aan die seminaargangers voorgehou en mnr Louis van Rooyen (hoofouditeur belas met prestasie-ouditering) het 'n praktiese perspektief oor prestasie-ouditering in die kantoor van die ouditeur-generaal met die seminaargangers gedeel.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Bestuursopleiding aan openbare sektor

Die eise van die nuwe Suid-Afrika is onlosmaaklik verbind aan 'n parate en doeltreffende openbare bestuurskorps. Die voorgenome groter bestuurselfstandigheid van owerheidsinstellings en die multidissiplinêre eise wat aan openbare bestuur gestel word, verleen aan bestuursopleiding vir openbare bestuurders 'n hoë prioriteit.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bied reeds sedert 1985 'n kursus in openbare bestuur op 'n deelgenootskapsbasis met die Instituut vir Opleiding aan. Dié kursus, wat in opdrag van die Kabinet ingestel is, het ten doel om openbare bestuurders wat aspireer na toetrede tot die geklassifiseerde bestuurskader, op 'n wye en multidissiplinêre grondslag aan die vele dimensies van bestuur bloot te stel.

Meer as 30 dosente vanuit al die departemente, met inbegrip van die Nagraadse Bestuurskool van die Fakulteit, verskaf die akademiese opleiding. Elke kursus duur ses weke. Daar word ses kursusse per jaar aangebied, waarvan een kursus sedert 1987 in Engels aangebied word. Tot op datum is 33 kursusse afgehandel en ongeveer 1 400 persone het die kursus suksesvol deurloop.

Die resultate in die praktyk dui daarop dat die kursus in sy doel slaag. Dit word onder meer weerspieël in personeelevaluering en die profiel van afgestudeerde adjunkdirekteure wat daarop dui dat die kursus toepassingswaarde het en meer afgeronde openbare bestuurders vir die staatsdiens lewer.

Dit is veral die moderne aard van die inhoud van die kursus wat van besondere belang is en wat dit 'n goeie belegging vir die opleiding van toekomstige openbare bestuurders maak.

# Knelpunte bespreek

Standaardinkomstebelasting op werknemers (SIBW) is 'n bron van kommer en frustrasie vir talle werkgewers, en veral vir personeel in die salarisafdeling. Vanweë die kompleksiteit van die SIBW-wetgewing is daar heelwat probleemareas en onsekerhede oor die hantering van sekere gevalle.

Prof Willem Buys van die Afdeling: Belasting van die Skool vir Rekenmeestersopleiding het, in samewerking met Ernst & Young en *Finansies en Tegniek,* op 21 Februarie 'n seminaar oor SIBW aangebied. Die seminaar was daarop gemik om werkgewers, rekenmeesters en personeel werksaam in salarisafdelings se kennis oor SIBW te verbreed.


Die knelpunte van SIBW is in detail behandel en veral daardie aspekte wat tot verwarring lei, is bespreek. Oplossings vir hierdie probleemareas is voorgestel.

# Oorbruggingsprobleme aangespreek

Dit is bekend dat talle studente oorbruggingsprobleme ondervind in hul eerstejaar. Om dié gaping tussen matriek en eerstejaar te probeer vul, bied die Skool vir Rekenmeestersopleiding jaarliks 'n konferensie aan wat deur Rekeningkunde-leerkragte bygewoon word.

Volgens prof Marius Koen, afdelingshoof van Voorgraadse Finansiële Rekeningkunde, bied hierdie konferensie die geleentheid vir voortgesette kontak tussen die Rekeningkundeleerkragte en personeel van die Skool vir Rekenmeestersopleiding. Behalwe oorbruggingsprobleme van eerstejaarstudente in die vak Finansiële Rekeningkunde wat aangespreek word, lewer die konferensies 'n bydrae om die leerkragte se beskouing van Rekeningkunde-onderrig te verbreed en hulle bewus te maak van die talle beroepsmoontlikhede wat in die Rekeningkunde-veld bestaan.

Tydens die derde konferensie wat deur 140 leerkragte van hoërskole en tegniese kolleges in Transvaal bygewoon is, is die volgende onderwerpe onder meer bespreek:



*Prof Marius Koen*

- Die agtergrond van Belasting op Toegevoegde Waarde en die moontlike rekeningkundige implikasies daarvan;
- ontleding en vertolking van finansiële state met behulp van die rekenaar;
- nuwe ontwikkelings in die openbaarmakingsvereistes van finansiële state; en
- 'n profiel van ons eerstejaarrekenmeesterstudente.

'n Boekuitstalling van publikasies oor die afgelope drie jaar uit die pen van dosente van die UP Skool vir Rekenmeestersopleiding het kleur aan die program verleen. Die vertoning van 'n treffende video, waarin die professie van die geoktrooieerde rekenmeester bekend gestel is, het ook deel van die program gevorm.

Die onderwysers het tydens die laaste deel van die verrigtinge 'n unieke geleentheid gehad om direk met die eksaminatore van die Rekeningkunde-matriekvraestelle van Transvaal in gesprek te tree. Dit het veral daartoe bygedra dat onderwysers die geleentheid kon benut om onsekerhede oor tegniese aangeleenthede uit die weg te ruim.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Rekenaargeletterdheid begin op skool

Die rekenaar het op haas elke terrein van die lewe 'n invloed. Tog bly die gebruik van die rekenaar nog dikwels beperk tot diegene wat 'n studie van Informatika of Rekenaarwetenskap maak en hulle bekwaam as professionele rekenaarkundiges.

Die volle potensiaal van die rekenaar kan slegs ontgin word wanneer 'n groter vertroudheid met die nut en vermoë van die rekenaar by meer mense ingeskerp word - mense wat nie rekenaarkundiges nie, maar slegs kundige rekenaargebruikers wil wees.

Die proses om 'n groter algemene rekenaargeletterdheid te vestig moet reeds op skool 'n aanvang neem. Dit kan geskied deur die rekenaar toenemend as hulpmiddel en instrument binne die onderrigprogram te gebruik.

Die Departement Informatika het op 12 September 'n seminaar, met die tema *Die rekenaar as hulpmiddel binne die onderrigprogram op sekondêre vlak,* aangebied. Dit is bygewoon deur hoërskoolonderwysers en die Departement het die geleentheid benut om hierdie benadering, sowel as die moontlikhede en probleme daarvan, met hulle te bespreek.

# Diens aan sakelui

Die Departement Bedryfsekonomie bied verskeie sertifikaatprogramme aan as 'n diens aan die georganiseerde sakelewe. Veral die Sertifikaatprogram in Aankoopbestuur is baie gewild. Hierdie program word in drie modules aangebied. Onderskeie temas, soos finansiële perspektiewe, die waardepakket by aankope en die strategiese en operasionele aspekte van aankoopbestuur, word behandel.

Navrae kan gerig word aan prof Dirk van Rooyen by (012) 420-3119.

Omdat die kleinsakeonderneming 'n belangrike invloed op die ekonomie het, is 'n Sertifikaatkursus in Kleinsakebestuur 'n paar jaar gelede ingestel. Dit is hoofsaaklik gerig op eienaars en/of bestuurders van kleinsakeondernemings.

Modules oor Finansiële-, Administratiewe-, Aankoop-, Bemarkings-, Personeel-, Produksie- en Strategiese bestuur, Openbare Betrekkinge en Rekenaarsimulasie word aangebied.

Navrae kan gerig word aan prof Piet de Witt by (012) 420-3145

# Mans en huishoudelike begrotings

Mans stel baie belang in huishoudelike begrotings, te oordeel aan die reaksie op die radioprogram *Rek jou Rand.* Prof Geert de Wet en mnr Sarel Myburgh adviseer luisteraars oor huishoudelike aankope en besteding. Die advies is die resultaat van heelwat navorsing wat oor die begrotingstruktuur van 'n tipiese middelinkomstegesin gedoen is. Die entoesiastiese terugvoering is 'n manifestasie van die hoë prioriteit wat die behoefte om sinvol te begroot by mans en dames geniet.

Dié terugvoer bied ook waardevolle inligting aan die aanbieders met die oog op toekomstige navorsing. Prof De Wet was ook vroeër die aanbieder van *Ekonovisie* wat ten doel het om die alledaagse ekonomie vir nie-ekonome verstaanbaar te maak. Dit is noodsaaklik vir enige ekonomiese deelnemer om rasioneel in soms verwarrende omstandighede te funksioneer. Prof De Wet lewer 'n besondere bydrae tot groter sekerheid deur sy deelname aan programme soos *Rek jou Rand* en *Ekonovisie.*

# Kontantvloeistate bespreek

Matriekonderwysers in Rekeningkunde is vanjaar in 'n moeilike situasie. 'n Nuwe onderwerp, naamlik kontantvloeistate, is vanjaar in die Rekeningkunde-matrieksillabus ingesluit, wat beteken dat die matrikulante gedurende die November-eksamen daaroor geëksamineer kan word.

Kontantvloeistate het eers gedurende 1988 in die RSA as algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk ontstaan. Al die matriekonderwysers het dus nog nie geleentheid gehad om formele onderrig oor die onderwerp te ontvang nie. Die probleem is verder vererger deur ontoereikende studiemateriaal oor dié onderwerp wat as riglyne vir die leerkragte en leerlinge kon dien.

Om onderwysers te help, het prof Marius Koen en mev Monika Roode van die Skool vir Rekenmeestersopleiding 'n kortkursus oor dié onderwerp op 17 Maart aangebied .

Tydens die kursus is die volgende aangespreek: die doel, nut en opstel van 'n kontantvloeistaat, praktiese oefeninge en wenke ten opsigte van die vakdidaktiese benadering van 'n les oor die kontantvloeistaat. Aanvullende gevallestudies ten opsigte van kontantvloeistate vir eenmansake; vennootskappe en maatskappye is ook beskikbaar gestel.

Elke kursusganger het 'n volledige stel kernaantekeninge, oefeninge en aanvullende vrae met oplossings ontvang.

Die kursus is deur 175 persone van TOD-hoërskole, privaatskole, tegniese kolleges, die Buro vir Kurrikulering en Evaluering van die TOD en die RGN bygewoon. Meer as 30 posbestellings vir kursusmateriaal is na afloop van die kursus ontvang.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

OUD-STUDENTE

# Alumni verenig



*Mnr Meyer Kahn, oud-student van die Nagraadse Bestuurskool, se voorgestelde grondwet vir die alumnivereniging is aanvaar*

"Die oud-studente van die Nagraadse Bestuurskool vorm uiteindelik die spil waarom die belange van die Bestuurskool draai," het prof Tienie van Vuuren, direkteur, op die stigtingsvergadering van 3 Augustus gesê. "Hulle is die mense wat die Bestuurskool in die sakegemeenskap verteenwoordig. Hul prestasies en vordering is dus onlosmaaklik verbind aan die beeld van die Bestuurskool. Hierdie wedersydse verbintenis strek tot alle belanghebbendes se voordeel. Derhalwe moet hierdie bande versterk word."

"Die oud-studente wil graag hierdie wederkerigheid behoorlik vestig deur die funksionering van 'n aktiewe oud-studentevereniging." Dit is die mening van mnr Johan Coetzee, hoofbestuurder van Volkskas, wat ook die eerste gekose voorsitter van dié Vereniging is.

Vir die bestuur en oud-studente van die Skool is die stigting van dié vereniging deel van die Bestuurskool se nuwe strategie vir die jare negentig.

Die afgelope jaar is 'n databasis van afgestudeerdes opgebou en 'n grondwet opgestel. Die alumni wat by dié Vereniging aangesluit het, het die grondwet goedgekeur wat deur die besturende direkteur van SA Brouerye, mnr Meyer Kahn, voorgestel is. Mnr Kahn het 'n MBA-graad aan dié Skool verwerf. Sy voorstel is deur prof Calie Pistorius, vise-rektor: Besigheidsbestuur van UP, gesekondeer. Prof Pistorius is 'n voormalige direkteur van die Bestuurskool.

Die doelstelling van die Alumnivereniging is om die belange van sy lede te bevorder met die oog op die verskaffing en handhawing van hoëvlakbestuursopleiding.

Die bestuur van die Alumnivereniging is mnre Johan Coetzee van Volkskas Bank (voorsitter), Meyer Kahn, Mike Vosloo van Standard Bank, dr Koos Smit van BMW, prof Tienie van Vuuren, direkteur van die Bestuurskool, prof Gerrie Roodt van die Bestuurskool en prof Ronel Erwee, 'n hoogleraar van die Bestuurskool. Ander bestuurslede is mnre Johan Nel van Volkskas Bank, Leon van Tonder van Rand Mines en Henry Staal van Deloittes, Haskins and Sells.

Die konstitusie maak voorsiening daarvoor dat mense wat sertifikaatkursusse by die Skool voltooi het, kan aansluit. Oud-studente van die Bestuurskool wat by die Alumnivereniging wil aansluit, kan prof Gerrie Roodt by (012) 420-3348 skakel.

## Aankondiging

Oud-studente van die Nagraadse Bestuurskool behaal besondere prestasies in die praktyk. Vanaf vanjaar word hierdie prestasies erken. 'n Oud-student sal jaarliks as presteerder van die jaar bekroon word. Die toekenning sal tydens die jaarlikse afsluitingsfunksie van die Bestuurskool gemaak word.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Dosente uitgeboul

In 'n ongewone krieketwedstryd tussen die studente en dosente van die Departement Ekonomie in 1975, het die studente die dosente vir 'n ses geslaan toe prof Koos Stadler uitgevang is vir 'n "duck". Hy kon darem nog sy plek tussen die "sitting ducks" inneem vir 'n foto. Die studente het nou wel die dosente met 'n streepbal probeer flous, maar 'n positiewe gesindheid het op die ou end geseëvier. 'n Mens kan maar net wonder of die studente ongedeerd daarvan afgekom het, en of die dosente goëlballe na hulle gegooi het in die eksamen ...

Gelukkig was al dié dosente, met die uitsondering van dr Estian Calitz, ook op 'n tyd studente van hierdie Departement en het hulle seker die nodige empatie betoon.



*Heel voor: Proff Jan Lombaard, senior vise-president van die SA Reserwebank, en Geert de Wet, hoof van die Departement Ekonomie*
*Tweede ry: Prof Fritz Steyn, professor in die Departement Ekonomie, mnr Piet de Jongh, besturende direkteur Volkskas Industriële Bank, en mnr Attie Coetzee*
*Agter: Drr Dan du Plessis, bestuurder Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, Piet van der Merwe, voorsitter Kommissie vir Administrasie, prof Koos Stadler, dekaan, dr Estian Calitz, adjunk-direkteur-generaal: Finansies, en prof Ig van der Westhuizen, voorsitter Departement Ekonomie, RAU*
*Die elfde lid van die span, dr Johan van Zyl van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, het die foto geneem*

## Adresse, asseblief

Ons wil graag 'n register van oud-studente saamstel. Indien u 'n oud-student van ons Fakulteit is en graag in die toekoms ons skakelblad ***Communiké*** wil ontvang, voltooi asseblief hierdie strokie en pos dit aan:

**Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002**

Indien u weet van 'n ander oud-student wat nie hierdie skakelblad ontvang nie, sal ons dit waardeer indien u hierdie strokie (of 'n afskrif daarvan) aan die betrokke persoon/e sal aanstuur.

Titel ......... Voorletters ............ Van ..........................................................................

Voornaam ...........................................................................................................

Nooiensvan .................................................... Geboortedatum .........../........./.........

Posadres .............................................................................................................

.............................................................................................................................

.............................................................................................................................

Telefoon: (W) Areakode ........... No ................. (H) Areakode ........... No .................

Grade aan Tukkies verwerf (vermeld jaar)

.............................................................................................................................

Werkgewer ............................................. Ampstitel .............................................

Opmerkings ..........................................................................................................

## Stadsklerk van Soweto



*Dié oud-Tukkie, wat sy ervaring van plaaslike bestuur tot die beskikking van Soweto stel, is mnr Piet Geers*

Mnr Piet Geers, 'n oud-student van die Departement Publieke Administrasie, het onlangs 'n nuwe betrekking as stadsklerk van die Stadsraad van Soweto aanvaar. Hy beskou dit as 'n uitdaging om sy ervaring van plaaslike bestuur tot die beskikking van Soweto te stel.

Mnr Geers is die voormalige stadsklerk van Verwoerdburg, 'n pos wat hy vir 16 jaar beklee het. Die alombekende Verwoerdburgstad - die dorp se moderne sakegebied met 'n stadmeer - is een van sy breinkinders. Die verandering wat Verwoerdburg die afgelope aantal jare beleef het, is sprekend van mnr Geers se betrokkenheid by die gemeenskap. As identiteitskepper, diplomaat, administrateur, dorpstigter, finansiële onderhandelaar, kultuurbevorderaar, akademiese adviseur en skakelbeampte het hy deurgaans daarin geslaag om almal wat saam met hom werk, te inspireer.

Hy is tans besig met sy Magistergraad in Publieke Administrasie.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

NAVORSING

# Die finansiering van onderwys

'n Diepgaande studie van die probleem rondom die finansiering van onderwys in Suid-Afrika is onlangs deur lede van die Departement Ekonomie, onder leiding van prof Geert de Wet, onderneem. Die resultate van die ondersoek is in die jongste *Fokus op Ekonomiese Kernvrae* gepubliseer.

In die *Fokus* word daarop gewys dat baie van die finansieringsprobleme destyds deur die De Lange-kommissie uitgewys is, maar ongelukkig nie aangespreek is nie. Daar is van die standpunt uitgegaan dat Blankes nie 'n verlaging in hul onderwysstandaard sal aanvaar nie, terwyl Swartes regmatig eis dat hul onderwys ten minste van dieselfde standaard moet wees as dit wat Blankes geniet.

Om dit te kan bereik, sou omtrent 50 persent van die 1990-staatsbegroting net aan onderwys afgestaan moes word. Omdat die ander owerheidsdienste ook reeds onder finansiële druk verkeer, sou dit beteken dat die nodige fondse deur belastingverhogings verkry sal moet word. Dit sou onrealisties wees en sou tot ekonomiese chaos lei indien dit deurgevoer sou word.


Gevolglik het die navorsers moontlike finansieringsmodelle ondersoek waardeur Blanke onderwysstandaarde gehandhaaf en na Swartes uitgebrei kan word sonder verhoogde belastings.

Hulle kom tot die gevolgtrekking dat volledig geprivatiseerde onderwys, gesubsidieer deur die belastingbedrag wat tans na die onderwys vloei, dit moontlik maak, sonder om die professionele status en werksituasie van die onderwyser aan te tas - trouens, dit sal hul status verhoog.

Alhoewel nie regstreeks van toepassing nie, wys die navorsers daarop dat kerkgemeentes nog altyd op geprivatiseerde grondslag werk sonder enige staatsubsidie, terwyl finansieel sterker gemeentes nog altyd 'n helpende hand uitgestrek het na dié wat finansieel sukkel.

Die navorsingspan, bestaande uit proff Geert de Wet, Nic Schoeman, Fritz Steyn, mnre Edwin Basson, Chris Harmse en mev Rozanne Cloete, het 'n nuwe onderwysbestuurstruktuur voorgestel.

*Met erkenning aan* ***Fokus op Ekonomiese Kernvrae nr 46 - Junie 1990***




# BEPA - navorsing floreer

Die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) is die navorsingsarm van die Departement Ekonomie. BEPA se aktiwiteite verloop so produktief dat verskeie nuwe publikasiereekse onlangs die lig gesien het. Afgesien van die *Fokus op Ekonomiese Kernvrae* het *Oorsigte oor Afrikalande* sowel as die *Nywerheidslande* verskyn.

Die navorsingsrekord van die Departement dateer reeds vanaf etlike dekades gelede en is een van die redes waarom lede van die Departement - veral die professore - op nasionale sowel as internasionale vlak in aanvraag as vakkundige sprekers is. Navorsing stimuleer die begeerte om 'n skatkis vir studente te open en 'n aanpasbare dinamiese kurrikulum te formuleer.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# 'n Tekort aan rekenaarkundiges

Die rekenaarbedryf, wat tans aan bykans 30 000 mense werkgeleenthede verskaf, sal teen die jaar 2000 vir dubbel soveel werkgeleenthede voorsiening moet maak indien huidige neigings voortduur.

Navorsers wat betrokke is by 'n ondersoek oor die wanbalans in die vraag en aanbod van rekenaarkundiges en -geletterdes het hul kommer uitgespreek dat hierdie behoefte aansienlik hoër kan wees indien die ekonomiese groei tydens die komende dekade meer as in die tagtigerjare is.

"Dit beteken dat die huidige tekort aan rekenaarkundiges 'n nog groter probleem gaan word as wat dit tans is, tensy drastiese pogings aangewend word om tekorte uit te wis," sê prof Dewald Roode, hoof van die Departement Informatika.

Volgens prof Roode ondervind die rekenaarbedryf geruime tyd reeds die probleem van 'n wanbalans in die voorsiening van rekenaarkundiges en -geletterdes in Suid-Afrika. Die probleem het sulke afmetings begin aanneem dat die Kommissie vir Administrasie besluit het dat 'n omvattende ondersoek onderneem moet word.

Die Nasionale Opleidingsraad (NOR) en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) - laasgenoemde as navorsingskontrakteur - is genader om die ondersoek te loods met maksimale betrokkenheid van kundiges op die betrokke gebied.

Vir hierdie doel is 'n hoëvlakwerkkomitee saamgestel om die leiding te neem met die ondersoek, die navorsingsverslae te ontleed, aanbevelings te doen en die finale verslag saam te stel. Prof Roode dien as voorsitter van die ondersoekspan. Prof Niek du Plooy, mnr Otto Pretorius en mej Madelise Rossouw van die Departement Informatika is ook deel van die ondersoekspan.

Aspekte wat tydens die ondersoek aandag sal geniet, behels onder meer 'n ontleding van bestaande opleiding by onderwysdepartemente en privaatopleidingsinstansies, die vraag na en die behoefte aan opleiding, die huidige wetgewing en beleid asook die formulering van kort-, medium- en langtermyndoelwitte en -strategieë.

"Suid-Afrika geniet internasionaal hoë aansien vir die kwaliteit van sy rekenaarkundiges en het heelwat van hierdie hoogs gekwalifiseerde mense aan Europa, Australië, die VSA en Kanada afgestaan," sê prof Roode.

Prof Roode verwag dat die ondersoek die moontlikheid bied om hierdie verliese in die toekoms te verminder en moontlik selfs om te swaai na 'n positiewe invloei van kundigheid vanuit die buiteland. Volgens hom sal die verhoging van rekenaarkundigheid en -geletterdheid van groot waarde wees vir die verhoging van produktiwiteit en vir werkverskaffing in die RSA.

# Ontleding van effektetrusts



*Mnr Hugo Lambrechts - 'n baanbreker op die gebied van die ontleding van effektetrusts*

Mnr Hugo Lambrechts van die Nagraadse Bestuurskool doen baanbrekerswerk op die gebied van die ontleding van effektetrusts in Suid-Afrika.

Die primêre doel van die effektetrustopname is om die langtermynprestasie van hierdie belangrike beleggingsmedium vir veral die klein belegger te onderstreep. Die opname moet nie beskou word as 'n poging om individuele effektetrusts in terme van prestasie teen mekaar af te speel nie.

Ondervinding het in dié verband baie duidelik gewys dat, as gevolg van portefeuljesamestelling, 'n spesifieke trust in een periode besonder goed kan presteer maar dan weer in 'n volgende periode met betrekking tot ander trusts swakker sal vaar.

Die vergelyking van historiese beleggingsresultate van die verskillende effektetrusts vorm 'n integrale deel van enige beoordelingsmaatstaf - en dit hoort so. Die effektetrustbedryf leen hom by uitstek tot vergelykende ontledings, in teenstelling met byvoorbeeld die lewensversekeringsbedryf waar dit moeilik is om die produkte van verskillende versekeraars sinvol met mekaar te vergelyk.

Daar is veral twee hoofoorwegings wat as die vernaamste redes aangevoer kan word waarom 'n effektetrustopname van hierdie omvang nuttig kan wees. Die eerste is die gebrek aan omvattende inligting oor effektetrustprestasie. Die enigste vergelykende syfers is dié wat die Vereniging van Effektetrusts bereid is om beskikbaar te stel en syfers wat aan die pers beskikbaar gestel word deur effektetrustbestuursmaatskappye. Die pers word nie toegelaat om vergelykende syfers te publiseer nie, behalwe teenoor erkende JE-indekse en die inflasiekoers.

Die tweede rede is die toenemende blootstelling en bewuswording van effektetrusts en die bekendstelling van nuwe effektetrustprodukte sonder 'n gesaghebbende metode waarvolgens die onderskeie voordele voortdurend bepaal kan word.


Die doel van die opname is nie om advies te gee nie, maar dit moet eerder beskou word as 'n opregte poging om 'n konsekwente, aanvaarbare en omvattende ontleding van effektetrustprestasie oor 'n geskikte evalueringstydperk te bied.




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

STUDENTE

# Sterstudente



*Dié sterstudent, Emarie Koen, is skrywer, redenaar en deesdae ook deeltydse dosent*



*" 'n Wenner is iemand wat dink en weet hy kan" - Michael de Jongh, UP-sterstudent*

Twee studente van die Skool vir Rekenmeestersopleiding het gedurende 1989 die besondere prestasie behaal om aangewys te word as die land se twee sterstudente. Talle inskrywings van uitblinkerstudente van alle technikons, kolleges en universiteite is ontvang vir dié landwye kompetisie wat geborg is deur *Sarie*, *Trustbank* en *Graffiti*.

**Michael de Jongh** is 'n veelsydige BCom(Rekeningkunde)-student wat glo dat 'n wenner iemand is wat dink en weet hy kan en dat sukses elke student se voorreg is binne sy eie vermoë.

Op skool reeds onderskei hy hom as akademiese presteerder en leier. Hy verwerf akademiese erekleure op hoërskool en kry ook die Dux-toekenning vir Biologie in matriek. As hoofseun op hoër- en laerskool en ontvanger van Affies se leierskapstrofee in matriek blyk sy leiereienskappe duidelik.

Op universiteit behaal hy onderskeidingsgemiddeldes in beide sy eerste- en tweedejaar en tans is hy ook 'n beurshouer van die firma Theron du Toit.

Michael is ook 'n uitstekende sportman. Hy dien gedurende 1989 op Tukkies se tennisbestuur, was behulpsaam met reëlings van die SAU-tennistoernooi en onder sy leiding word 'n tweekampvereniging by Tukkies op die been gebring. Hy speel tans tennis vir die universiteit se eerstespan. Hy verwerf provinsiale kleure in swem, atletiek en tennis, en hy is ook die SA-tweekampkampioen.

**Emarie Koen** verwerf akademiese erekleure in 1985 en matrikuleer in 1986 met agt onderskeidings gedurende haar jaar as hoofmeisie van Hoërskool Bergsig in Rustenburg. Sy is ook nie op haar mond geval nie - sy is aangewys as wenner van die landwye ATKB-redenaarskompetisie, die Junior Rapportryers se streekdebat en behaal 'n vierde plek in die Afrikaanse Olimpiade.

Sy studeer met behulp van 'n beurs van Barlow Rand en verwerf in beide haar eerste- en tweedejaar UP-prestasiepryse, asook twee ander prestasiepryse. Tussen haar studie deur skryf Emarie ook die boek *Ek word 'n eerstejaar*, om eerstejaars te help om die oorgang van skool na universiteit beter te verwerk. Aan die einde van haar derdejaar maak sy skoonskip by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se prysuitdelingsfunksie en palm alle beskikbare pryse vir derdejaar BCom(Rekeningkunde)-studente in. Emarie het vanjaar ook as medewerker van die *Rekeningkunde Praktiese Werkboek* opgetree.

# Suksesvolle sakestudente

Jacques Steyn is 'n entrepreneur. In standerd ses reeds het hy al die sweiswerk van 'n bekende firma hanteer en die eerste vrugte van die winsstrewe gesmaak. Jacques is tans nog besig met sy BCom-studie, maar verpersoonlik reeds die suksesvolle entrepreneur: voldoende energie en dinamiek om risiko's die hoof te bied, dog verstandig genoeg om te slaag.

Jacques het tydens sy Weermagopleiding vir Clifford Sacks en Peter Schmid ontmoet. Uit hierdie driemanskap het Staatmaker Student BK die lig gesien: 'n agentskap wat studente met werkgewers in aanraking bring. Deur middel van navorsing het hulle verbeter op bestaande soortgelyke modelle en na vier maande se onderhandelinge met die VSR en 5 000 advertensiebriewe, is Staatmaker Student BK op dreef.

Gerhard Nel, 'n oud-student van die Departement Ekonomie, is as bestuurder aangestel en die nodige infrastruktuur is geskep. Staatmaker Student BK het reeds uitbreidings in gedagte. Permanente beroepsplasing en die verskaffing van studentebehuising word onder meer beoog.



*Jaques Steyn (agter) en Gerhard Nel, albei van Staatmaker Student BK, help nóg 'n Tukkie om deeltydse werk te kry*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Topstudente word beloon

Tydens 'n prestige Fakulteitsgeleentheid op 16 Mei is verskeie uitblinkerstudente vir hul harde werk gedurende die 1989-akademiese jaar beloon. 'n Totaal van 47 pryse is tydens die geleentheid oorhandig.

**Beste voorgraadse student**



Jaco van der Walt is as die beste voorgraadse student in 1989 in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangewys. Hy het in sy drie voorgraadse jare alle vakkursusse met lof geslaag, en 'n gemiddeld van 89,4 persent gehandhaaf.

Jaco se akademiese loopbaan skitter van prestasies. Hy het reeds as skolier aan die Hoërskool Waterkloof uitgeblink. Daarvan getuig die akademiese erekleure wat hy jaarliks vanaf standerd 6 ontvang het. Sy skoolloopbaan is afgerond met sewe onderskeidings. Veelsydigheid blyk ook uit sy prestasies in ander aktiwiteite, waar hy uitgeblink het in tennis, as Voortrekker (Presidentsverkenner), redenaar en junior Stadsraadslid.

Jaco het na matriek by Tukkies vir die graad BCom(Ekonomie) ingeskryf en het hom dadelik onderskei as uitstaande student. In 1988 is hy aangewys as die beste student in Ekonomie 200. In 1989 behaal hy sy graad met lof. Tydens die Fakulteit se prysuitdelingsfunksie op 16 Mei ontvang Jaco ook die Carel van Aswegen-prys as beste Ekonomie-student op 300-vlak.

Jaco is tans besig met BCom (Hons)(Ekonometrie) en hy beoog om in 1991 vir die graad MCom(Ekonometrie) in te skryf.

**Beste nagraadse student**

Mnr André Schreuder, 'n lektor in die Departement Bedryfsekonomie, is aangewys as die voortreflikste nagraadse student in dié Departement. Die aanwysing span die kroon op 'n uiters suksesvolle akademiese loopbaan. Hy het onder meer al sy grade met lof verwerf: BCom, BCom(Hons) en vanjaar ook die MCom(Bemarkingsbestuur). Hy wil graag sy doktorale studie aan die einde van 1991 voltooi.

**Pryswenners 1989**

Werner Alberts
Martin Bierman
Udo Böhmer
Thea Clarke
Esna Colyn (twee pryse)
Henk Deist
Ronel Fourie
Ilse Grimsehl
Antoinette Greef
Roy Hattingh (vier pryse)
Monica Hildebrand
Emarie Koen (ses pryse)
Riana Kruger (twee pryse)
Nico Liebenberg
A C Loubser
Sansia Brink (née Naudé)
Louis Nortje
Rieka Olivier (drie pryse)
Emrie Pretorius (twee pryse)
Olga Pretorius (twee pryse)
Otto Pretorius
André Schreuder
Annemarie Schroeder
Tanya Smit
Marius van der Merwe (vyf pryse)
Jaco van der Walt
Adele van Wyk
Jan Venter
René Visagie

# Statistici neem voortou

Is dames die meer impulsiewe geslag en redeneer mans meer logies? Skynbaar, volgens die verslag van 'n selfstandige ondersoek wat deur 'n derdejaarstudent van die Departement Statistiek geloods is. As dit boonop 'n dame is wat tot dié gevolgtrekking kom deur gebruikmaking van haar kennis van Wiskundige Statistiek, kan 'n mens haar gerus maar glo!

Dié dame is Yvonne Walus, 'n Poolse meisie van geboorte. Sy het verlede jaar nie net haar manlike klasmaats stof in die oë geskop met die beste finalejaarprojek in Wiskundige Statistiek nie, maar sy het ook die landwye projekkompetisie van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging gewen. Hierdeur het die Departement sy vermoë om studente as praktiese statistici op te lei, herbevestig, aangesien mej Walus die vyfde Tukkie is wat hierdie landwye kompetisie die afgelope sewe jaar wen. Voorwaar 'n prestasie waarop die Departement trots kan wees!

# Franse student help met prototipe

Die Departement Informatika is vanjaar die gasheer vir 'n besoekende student uit Frankryk. Claude Chassard van Grenoble in die suide van Frankryk, het vroeër vanjaar by die Departement aangesluit nadat 'n beurs van die Departement Nasionale Opvoeding vir 1990 aan hom toegeken is.


Tydens sy verblyf word van Claude verwag om 'n navorsingsprojek af te handel. Hy is reeds onder leiding van die hoof van die Departement, prof Dewald Roode, besig om 'n prototipe vir 'n intelligente besluitnemingsondersteuningstelsel te ontwikkel. In die proses is Claude ook besig om 'n statistiese voorspellingspakket, wat van Lotus 1-2-3 gebruik maak, te vertaal om aan te pas by sy Franse weergawe van Lotus.

# 'n Van der Merwe vir Cambridge

Fofo van der Merwe, 'n nagraadse student in die Departement Rekening- en Ouditkunde, vertrek binnekort na Cambridge vir verdere studie.

Fofo is tans besig met sy MCom (Belasting), wat handel oor die belastingimplikasies van effektetrusts. Volgens hom is dit nie net baie interessant nie, maar bied dit ook groot navorsingsgeleenthede. Sy spesifieke belangstellingsveld is korporatiewe finansiering, en aangesien geen universiteit in Suid-Afrika dit aanbied nie, gaan hy vir die graad MPhil(Finance) by Cambridge inskryf.

Alhoewel hy vanjaar die SA Kampioenskappe in tweekamp gewen het, het hy nie definitiewe planne om ook daar aan tweekamp deel te neem nie. Hy sê waarvoor hy wel lus is, is om vir Cambridge rugby te speel - veral teen Oxford!



*Die bekende sportman, Fofo van der Merwe, gaan binnekort Cambridge toe*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010


PERSONEEL

# Rapportryers eer skrywers

Die Federasie van Rapportryerskorpse het die Rapportryersprys vir 1989, vir 'n verdienstelike Afrikaanse vakpublikasie, aan prof Koos Stadler en prof Jan Lombard, outeurs van *Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika*, toegeken.

Proff Stadler en Lombard het baanbrekerswerk met hierdie boek gedoen ten opsigte van die Afrikaanse ekonomiese denkpatroon en die Afrikaanse ekonomiese terminologie. Die besondere benadering tot die ekonomiese beskrywing soos aangebied in die boek, het 'n standaardbenadering geword.

Die boek, wat in 1967 die eerste keer verskyn het, het die denke van byna alle Suid-Afrikaanse groepe in die land beïnvloed en gevorm. Dit het ook die Afrikaanse taal bevorder en verryk. In die besonder het dit getoon dat 'n oorspronklike wetenskaplike werk met 'n unieke benadering in Afrikaans bestaansreg het.




*Prof Koos Stadler, dekaan van die Fakulteit, by die perd-en-ruiterbeeld van die Rapportryerskorpse*

# Buitengewone professore

Die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria het vanjaar vir die eerste keer twee buitengewone professore aangestel, te wete prof Meyer Kahn in Strategiese Bemarkingsbestuur en prof Piet Liebenberg in Ondernemingsbeleid. Prof Kahn is onlangs aangestel as uitvoerende voorsitter van die SA Brouerye-groep en prof Liebenberg het onlangs die leisels van Bankorp as uitvoerende voorsitter oorgeneem.

Prof Kahn, wat 'n oud-student van die Fakulteit is (hy het sy MBA-graad in 1965 verwerf), se intreerede het gehandel oor *Strategiese beplanning in die nuwe Suid-Afrika*, terwyl prof Liebenberg se intreerede oor *Etiek* in die *Sakewêreld* gehandel het.

# Wenkeskemas en werkerdeelnemingsprogramme

Die idee om 'n Suid-Afrikaanse Vereniging van Wenkeskemas (SANASS) te stig, het in 1984 ontstaan toe prof Andrew Marx van die Departement Bedryfsekonomie navorsing oor die toepassing van wenkeskemas in die RSA gedoen het.

Een van sy aanbevelings was dat 'n Suid-Afrikaanse liggaam met die wêreldliggaam *National Association of Suggestion Systems* (NASS) moes skakel en indien moontlik, daarby affilieer. Onderhandelinge oor laasgenoemde word tans gevoer.

Die stigting van SANASS het 'n werklikheid geword toe prof Marx, mnr Prieur du Plessis van Nissan en kol Weldan Bond van die SAW 'n wenkeskema-bekendstellingseminaar in Mei vanjaar gehou het. Prof Marx is by dié geleentheid tot opleidingsdirekteur verkies.


Daar word beoog om vroeg in 1991 'n nasionale konferensie te hou waartydens die wenkgewer van die jaar aangewys sal word.

SANASS is 'n nie-winsgewende diensorganisasie wat ingestel is op die bevordering en verbetering van wenkestelsels en ander werkerdeelnemingsprogramme.

Navrae in dié verband kan gerig word aan prof Andrew Marx by (012) 420-3010.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Senior aanstellings



**Prof Piet Steyn** is vanaf 1 Februarie as professor in Operasionele Bestuur by die Nagraadse Bestuurskool aangestel. Prof Steyn het die grade BSc(Ing) en MBA aan die Universiteit van Pretoria en DCom aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal. Hy is stigtersvoorsitter van die Produksiebestuursinstituut.

Hy het verskeie artikels op die gebied van Operasionele Bestuur gepubliseer. Hy is mede-outeur van die internasionale *Handbook of Production and Operations Management* wat deur Cassell van Londen uitgegee word met professor Ray Wild van Brunel Universiteit, Uxbridge, as redakteur.



**Prof Niek du Plooy**, voormalige hoof van die Departement Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels van Unisa, is vanaf 1 Mei as professor in die Persetel Leerstoel van die Departement Informatika aangestel.

Prof Du Plooy het die grade BSc en MSc(Fisika) (met lof) aan die PU vir CHO behaal. Hy het ook in 1971 'n MBA-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy was vanaf 1975 verbonde aan die Departement Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels van Unisa - sedert 1985 as hoof van dié Departement.

Hy is 'n stigterslid en Genoot van die SA Instituut van Rekenaarwetenskaplikes. Hy is reeds vanaf 1983 ere-tesourier van die Instituut.



**Prof Gustav Puth** is vanaf 1Junie as professor in die Departement Bedryfsekonomie aangestel. Prof Puth het verskeie grade aan die RAU behaal - onder meer 'n MA-graad in Kommunikasiekunde. Hy het sy doktorsgraad met spesialisering in Reklame en Bemarkingskommunikasie aan die UOVS verwerf. As deel van sy studie en navorsing vir die doktorsgraad was prof Puth aan die Universiteit van Illinois verbonde.


In sy professionele loopbaan was prof Puth verbonde aan die RGN (onder meer as direkteur: Buro vir Skakeling en Bemarking), *Mortimer Tiley Advertising* en as konsultant en kommunikasiepraktisyn werksaam.

Prof Puth het verskeie publikasies, verslae en artikels geskryf en is of was betrokke by die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging, die SA Vereniging van Bemarkingsnavorsers, die Openbare Skakelinstituut van Suidelike Afrika (OSISA), die SA Vereniging vir Bedryfsredakteurs (SAVBR), die Instituut vir Bemarkingsbestuur en SAUK TV se opvoedkundige programme.

Dié betrokkenheid verleen aan prof Puth 'n unieke kombinasie van akademiese en praktiese ervaring op die terreine van sosiale navorsing, kommunikasie, korporatiewe reklame en bemarking, verbruikersgedrag en openbare en internasionale skakeling.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010



**Prof Ebo Oost** is vanaf 1 Julie as professor in die Departement Bedryfsekonomie aangestel. Prof Oost is 'n kundige op die gebied van Finansiële Bestuur en Beleggingsbestuur. Hy het grade in die Ekonomie en Bedryfsekonomie aan UP en Unisa verwerf. Die titel van sy MCom-verhandeling was *'n Beoordeling van die groeifondsbeweging in Suid-Afrika.* Die tema van sy doktorale proefskrif was *'n Ontleding van die groeideterminante van nywerheidsmaatskappye in Suid-Afrika.* Prof Oost was onder meer werksaam in die Departement Bedryfsekonomie aan Unisa en die SA Reserwebank.



**Prof Joubert Botha** is vanaf 1 Augustus as professor in die Departement Ekonomie aangestel. Prof Botha het 'n omvangryke akademiese loopbaan gehad . Hy het in 1952 die graad MCom aan die Universiteit van Pretoria behaal. Daarna was hy as student en dosent ook aan verskeie buitelandse universiteite in onder meer Manchester, Wallis, Otago en Liverpool verbonde.

Prof Botha, 'n spesialis in monetêre teorie en hoofredakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, was tot 1989 die hoof van die Departement Ekonomie aan die Universiteit van die Witwatersrand.

# Besondere toekennings

**Prof André Boshoff** is deur die International Biographical Institute van Cambridge, Engeland, verkies tot een van die *Eerste 500 intellektuele leiers van die wêreld.* (Daar word elke jaar 'n ander groep verkies). Hulle het ook 'n 22 karaat goue medalje aan hom toegeken. Sy curriculum vitae en 'n foto gaan in 'n boek wat hulle binnekort oor die huidige jaar se 500 leiers publiseer, opgeneem word.

Hy word nou ook outomaties lid (met *distinguished standing*) van die Research Board of Advisors van die American Biographical Institute en kry die reg om in die toekoms kandidate vir bostaande verkiesing te benoem.

**Prof Ronel Erwee**, professor aan die Nagraadse Bestuurskool, het vanjaar 'n toekenning ontvang as een van die *Vier Besondere Jong Suid-Afrikaners* - 'n toekenning vir gemeenskapsdiens van die Junior Kamer van Koophandel en Nywerheid.



*Prof Ronel Erwee,* ***'n Besondere Jong Suid-Afrikaner***

# Verwantskap tussen kohesie en wins

'n Eksperimentele studie oor die invloed van kohesie op die prestasie van groepe, soos bepaal deur die behaalde wins in 'n gerekenariseerde simulasiespel, dui op 'n positiewe verwantskap tussen kohesie en wins in 'n simulasiespel. Volgens prof Deon Nel van die Departement Bedryfsekonomie, wat dié studie gedoen het, is die mees betekenisvolle bevinding heelwaarskynlik dat groepe nie noemenswaardig negatief beïnvloed word deur *groupthink* soos beskryf deur die "omgekeerde U" kohesie-prestasie verwantskap nie.

Prof Nel is genooi om 'n referaat wat die resultate van dié studie rapporteer, te lewer by die *Mountain Plains Management Conference* wat vanaf 11 tot 13 Oktober by Weber State Universiteit in die Verenigde State van Amerika aangebied word.

Die tema van die konferensie is *Educating Business Leaders of the 21st Century.* Afgevaardigdes van 'n verskeidenheid dissiplines, onder meer Rekeningkunde, Handelsreg, Ekonomie, Finansies, Bestuursinlig-

# Dosent van die jaar

Die ouditeursfirma Theron du Toit het vanjaar twee ontvangers vir die *Dosent van die Jaar*- toekenning aangewys. Hulle is proff Dieter Gloeck en Marius Koen. Hierdie prys, wat slegs op personeel van die Skool vir Rekenmeestersopleiding van toepassing is, word jaarliks tydens die Fakulteit se prysuitdelingsfunksie oorhandig.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010




# Hardlopende ekonoom

Mnr Chris Harmse, senior lektor in die Departement Ekonomie, hardloop reeds vanaf 1970 in die kleure van Noord-Transvaal. Hy het in 1987 by die bestuur van Tuks se Landloop- en Marathonklub betrokke geraak as tesourier en later as sekretaris. Dié klub is in 1989 met die *Sportsoort van die Jaar* -toekenning bekroon nadat Chris as afrigter vir die SAU-kampioenskappe opgetree het.

Chris is 'n kranige marathonatleet wat reeds uitstekend in die Twee Oseane- en die Comrades-marathon presteer het. Hy het in laasgenoemde 'n silwermedalje verower nadat hy 553ste uit 10 505 atlete wat die wedloop voltooi het, geëindig het.

# Kobus laat SA-rekords spat

Kobus Oeschger, 'n tweedejaar BCom(Informatika)-student, het sewe jaar gelede die gebruik van sy bene in 'n motorfietsongeluk verloor.

In die hospitaal het hy kennis gemaak met die wêreld van sport vir fisiek gestremdes. Hy het toe besluit om aktief daaraan deel te neem. In 1988 het hy vir die eerste keer Springbokkleure verwerf. Tans spog hy met Springbokkleure in atletiek, marathon en basketbal.

Hy het vroeër vanjaar by die SA Spele vir Gestremdes in vyf van die ses nommers waaraan hy deelgeneem het - die 200-, 400-, 800-, 1 500 5 000- en 10 000-meter wedlope - nuwe Suid-Afrikaanse rekords opgestel.

Hy het ook vroeër in Welkom 'n marathon vir fisiek gestremdes oor 42 km in 'n Suid-Afrikaanse rekordtyd van 1:58,36s gewen.

Kobus het al reeds drie keer op internasionale vlak deelgeneem. Trouens, hy word beskou as een van die vyftig beste gestremde atlete in die wêreld.



Foto: BEELD



# Vinnigste junior ter wêreld

Marcel Winkler, die vinnigste junior vroue-atleet in die wêreld, is tans 'n eerstejaar Personeelbestuurstudent. Sy is bekend as een van Suid-Afrika se top damesnaelloopatlete en het in 1990 die Suid-Afrikaanse rekord vir die 100 meter van 11,45s na 11,15s verbeter.

Met haar beste tye van 11,15s in die 100 meter en 22,80s in die 200 meter is sy die tweede vinnigste vroue-atleet van alle tye in Suid-Afrika. Marcel verdien vanjaar vir die tweede keer Springbokkleure in die naellope en sy is genomineer vir die Atleet van die Jaar-toekenning.

Tukkies hou haar prestasies met trots en belangstelling dop en nuwe rekords in die komende atletiekseisoen word haar toegewens.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# DIE BAKERMAT EN TUISTE VIR REKEN-MEESTERS-OPLEIDING

SKOOL VIR
REKENMEESTERS-
OPLEIDING
UP

**NAVRAE:** Prof Herman de Jager
Direkteur – Skool vir
Rekenmeestersopleiding
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**
Brooklyn Pretoria 0083
Tel: (012) 420-2701

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# WORD 'N BAANBREKER



Die eerste MBA klas by TUKS – 1949

U kan self 'n baanbreker in bestuur word deur vir u MBA*- of DBA-graad by die Nagraadse Bestuurskool in te skryf. U verwerf al die voordele wat hierdie baanbreker in bestuursopleiding u bied. Ons beskik oor die ervaring en kundigheid wat oor meer as veertig jaar opgebou is. Ons is nie verniet die oudste bestuurskool in Suid-Afrika en buite die V.S.A. nie!

U sal steeds op die voorpunt bly deur

**Deurlopende persoonlike onderrig**
– sowel voltydse as deeltydse persoonlikgerigte MBA-kursusse word aangebied.

**Ondersteun deur 'n praktykervare dosentkorps**
– wat deur oorsese studietoere, kongresinsette, bestuursnavorsing en konsultasiedienste, hul praktykervaring met u kan deel.

**Gerig op Suid-Afrika as eiesoortige bestuursuitdagings**

* Tuks bied 'n deeltydse en voltydse MBA-kursus aan. Deeltydse studente woon klasse drie keer per week in die aand by.

Toelatingsvereiste: Ten minste 'n B-graad en nie minder nie as twee jaar praktykervaring; matriekwiskunde of statistiek of soortgelyke kwalifikasie. Keuring van aansoekers vind plaas.

Wil u ook 'n baanbreker in bestuur word? Kom sluit aan by Tuks se Nagraadse Bestuurskool. Is dit nie die ménse wat dit aanbied waaroor dit alles gaan nie? Skakel ons vandag nog of vul die koepon in. Daar is nog plek vir 'n paar uitgesoekte baanbrekers! Ons stuur met graagte volledige inligting aan u.

**Die Direkteur, Nagraadse Bestuurskool (MBA),**
**Universiteit van Pretoria, 0002.**
**Telefoon (012) 420-3374.**
**Sluitingsdatum 15 November 1990.**

# SKRYF VANDAG NOG IN VIR U MBA-GRAAD

Titel, naam en van ..........

Posadres ..........

..........

..........

..........

..........

MBA TUKS
NAGRAADSE BESTUURSKOOL
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Fax ..........

Tel .......... (W)

.......... (H)

Poskode

..........

*Baanbrekers in Bestuursopleiding*


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010